DIS 'N BEVEL!

'n Eenvoudige gids tot jou regte

Rolene Miller



the doj & cd
Department:
Justice and Constitutional Development
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

MOSAIC
TRAINING, SERVICE & HEALING CENTRE FOR WOMEN

DEPARTEMENT VAN
MAATSKAPLIKE ONTWIKKELING
VIR VOLHOUBARE GEMEENSKAPPE

Die Departement van Justisie en Konstitusionele Ontwikkeling, in vennootskap met Mosaic ('n nie-regeringsorganisasie wat gratis ondersteuningsdienste aan alle slagoffers van huishoudelike geweld in ons howe lewer), is trots om hierdie boekie te produseer wat daarop gemik is om slagoffers van huishoudelike geweld en ander oortredings oor hul regte op te voed.

Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, Wet 108 van 1996, het geboorte geskenk aan ons fundamentele regte en is die hoogste wet van ons demokratiese land. Die reg tot gelykheid en die reg tot waardigheid is maar twee van die vele wesentlike regte wat in ons Grondwet beskerm word. Hierdie beskermde regte plaas die Grondwet op die voorgrond van die stryd teen die uitwissing van enige vorm van geweld teen vroue en kinders.

Huishoudelike geweld gebeur agter geslote deure en slagoffers daarvan word fisies en emosioneel vernietig. Dit beïnvloed nie net die lewenskwaliteit van die familie nie maar ook die inrigting of struktuur van die gemeenskap. Daarom is die toepaslike implementering van die Wet op Huishoudelike Geweld, Wet 116 van 1998 van kritieke belang. Die Wet op Huishoudelike Geweld was uitgevaardig om mense te bemagtig, veral dié van ons vroue en kinders, om hul reg tot 'n veilige omgewing vry van enige vorm van geweld uit te oefen.

Ons hoop dat ons deur middel van hierdie boekie vroue en kinders sal help om hierdie beskermde regte uit te oefen.

Adv Hishaam Mohamed
Streekhoof Wes-Kaap: Departement van
Justisie en Konstitusionele Ontwikkeling

the **doj & cd**
Department:
Justice and Constitutional Development
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

GEPUBLISEER DEUR:
Mosaic Training, Service and Healing Centre for Women

Eerste Afrikaanse uitgawe
November 2003
Tweede uitgawe (Aangepas): Maart 2007
Derde uitgawe (Aangepas): November 2008

Alle regte voorbehou. Geen gedeelte van hiedie publikasie mag gereproduseer, in 'n ontsluitingstelsel bewaar of weergegee word in enige manier, hetsy elektronies of meganies, deur fotokopiëring, die maak van opnames of andersins, sonder die skriftelike toestemming van die kopiereghouers nie.

ONTWERP EN UITEENSETTING:
Marianne Liebenberg

BUITEBLAD ILLUSTRASIE:
FCB South Africa

GEDRUK DEUR :
Mills Litho

© 2002: MOSAIC Training, Service and
Healing Centre for Women

DIS 'N BEVEL!

'n Eenvoudige gids tot jou regte



BEVELE WAT BESKERM TEEN GEWELD EN MISHANDELING

Mosaic bedank sy vennoot, die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling, Wes-Kaap wat die publikasie van hierdie derde Afrikaanse uitgawe van die Beskermingsbevelboekie befonds het.

Dankbare erkenning word uitgespreek teenoor die volgende spesiale persone vir hul kennis en waardevolle bydraes:

Mosaic personeel en Hofwerkers

Lede van die Wes-Kaapse Netwerk vir Geweld teen Vroue

Die Regbank en administratiewe personeel van die Wes-Kaapse Streekkantoor van die Department van Justisie en Konstitusionele Ontwikkeling.

Rolene Miller
(TTD.DSE CLIN REM. B.SOC SCI. B SOC WK HONS)

Hierdie Boekie is die alleen kopiereg van
Mosaic
Training, Service and Healing Centre for Women

INHOUDSOPGAWE

VOORWOORD **4**
A Opdrag 4
B Oor die Departement van Justisie en Konstitusionele Ontwikkeling 4

AFDELING 1: WAAROOR GAAN DIE BOEKIE? **5**
1 Hoekom is die Boekie geskryf? 5
2 Is daar iets spesiaals omtrent die taalgebruik in hierdie Boekie? 5
3 Hoe moet ek die Boekie gebruik? 6

AFDELING 2: WETLIKE BEVELE **7**
4 Watter tipe Bevele word in die Boekie bespreek? 7
5 Wie is die persone betrokke in die Beskermingsbevel prosedure? 7
6 Wat is mishandeling? 8

AFDELING 3: BESKERMINGSBEVELE **8**
7 Wat is die Beskermingsbevel? 8
8 Wie kan 'n Beskermingsbevel kry? 9
9 Kan ek 'n Beskermingsbevel namens iemand anders kry? 9
10 Watter tipe probleme kan ek verwag in die proses om 'n Beskermingsbevel te kry? 10
11 Wat is al die stappe wat gevolg moet word om 'n Beskermingsbevel te kry? 12
A: Die stappe om AANSOEK te doen om 'n Beskermingsbevel **12**
- Die AANSOEKPROSES meer volledig verduidelik 13
12 Waarheen gaan ek om aansoek te doen vir 'n Beskermingsbevel? 13
13 Waarheen gaan ek wanneer ek by die hof kom? 13
14 Op watter dae kan ek hof toe gaan? 13
15 Wat doen ek as ek vermoed dat ek tans in werklike gevaar verkeer? 14
16 Hoeveel keer moet ek hof toe gaan? 14
17 Hoe lank sal dit neem om aansoek te doen? 15
18 Watter dokumente moet ek saamneem hof toe? 15
19 Watter ander dokumente sal help? 15
20 Hoe kry ek 'n J88 vorm vir die dokter om te voltooi? 16
21 Wat doen ek met die J88 vorm vir die dokter? 16
22 Hoe doen ek aansoek om 'n Beskermingsbevel? 16
23 Hoe vertel ek die hof van my mishandeling? 17
24 Is daar 'n spesiale manier waarop ek my Affidavit moet skryf? 18
25 Watter tipes mishandeling kan ek beskryf in my Affidavit? 20
26 Wat doen ek as my kinders ook mishandel word? 22
27 Wat doen ek as my Aansoekvorm en Affidavit voltooi is? 22
28 Wat gebeur nadat die landdros my vorm gelees het? 22
29 Wat gebeur nadat die landdros 'n Interim Beskermingsbevel toegestaan het? 23
30 Hoe sal my aanvaller weet van die Interim Beskermingsbevel? 23
31 Moet ek betaal vir die dokumente wat op my aanvaller bedien word? 23
32 Hoe lank behoort dit te neem om die dokumente op my aanvaller te bedien? 24
33 Hoe sal ek weet of my aanvaller met die dokumente bedien is? 24
34 Hoe behoort die polisie my te help? 24

35 Watter tipe probleme kan met die bediening van die Beskermingsbevel verwag word? 25
36 Hoe reageer persone geneig is tot geweld op 'n Interim Beskermingsbevel? 26
37 Wat doen ek as die persoon wat my mishandel die Beskermingsbevel verbreek? 26
38 Wat gebeur as my aanvaller nie saamstem met my Affidavit nie? 27
39 Hoe lank neem dit voordat ek teruggaan hof toe? 27
B : Die stappe in die FINALISERING van jou Beskermingsbevel 27
- FINALISERING van die Beskermingsbevel in meer besonderhede verduidelik 27
40 Hoe weet ek wanneer ek moet teruggaan hof toe? 27
41 Moet ek enigiets doen om voor te berei vir die verhoor? 28
42 Hoe lank moet ek in die hof vertoef tydens die verhoor ? 28
43 Hoekom kan die verhoor uitgestel word? 28
44 Hoe kan die uitstel van die verhoordatum vir my affekteer? 29
45 Wat gebeur as net een van ons opdaag by die hof op die terugkeerdatum? 29
46 Wat gebeur as ek en my aanvaller albei hof toe gaan? 30
47 Wat doen ek as die landdros nie die Beskermingsbevel finaliseer nie? 30
48 Wat anders kan die landdros besluit om op die terugkeerdatum te doen? 30
49 Mag ek van plan verander en die aansoek om 'n Beskermingsbevel terugtrek? 31
50 Hoe trek ek die Beskermingsbevel terug? 31
51 Hoekom sou ek die Interim Beskermingsbevel wou terugtrek? 31
52 Wat moet ek oorweeg wanneer ek die aansoek om 'n Beskermingsbevel terugtrek? 32
53 Wat gebeur as die persoon wat my mishandel die Beskermingsbevel teenstaan (nie saamstem nie)? 32
C: Stappe vir die GEBRUIK van die Beskermingsbevel 33
- Die GEBRUIK van die Beskermingsbevel in meer besonderhede verduidelik 33
54 Wat gebeur as ek 'n Beskermingsbevel kry? 33
55 Hoe kry ek 'n Lasbrief vir Inhegtenisname? 33
56 Wat doen ek as ek weer mishandel word? 33
57 Wat doen ek as die polisie my nie wil help nie? 34
58 Wat doen ek as daar 'n verandering is in die manier waarop ek mishandel word? 34
59 Hoe lank is die Beskermingsbevel geldig? 35
60 Hoe moet ek my Beskermingsbevel gebruik? 35

AFDELING 4: VREDESBEVELE 35
61 Wie kan 'n Vredesbevel kry? 35
62 Hoe kry ek 'n Vredesbevel? 36
63 Hoe kan ek probeer om 'n Vredesbevel vir my te laat werk? 36

AFDELING 5: FINALE WOORD 37

AFDELING 6: OOR MOSAIC 38
Wie of wat is Mosaic? 38
Waar kan ek Mosaic in die hande kry? 39
In watter howe werk Mosaic? 39
Mosaic se Uitreiksentrums 39

AFDELING 7: MY REKORD VAN INLIGTING 40

AFDELING 8: WOORDE EN HUL BETEKENISSE 41

VOORWOORD

A. OPDRAG

Hierdie Boekie word opgedra aan elkeen wat mishandel is en aan hulle wat werk om die geweld te beëindig. Ons erken en respekteer diegene wat mishandel word. Hulle is nie 'slagoffers' nie, maar individue vol moed en krag om te oorleef.

Jy is nie alleen nie. Jy kan hulp kry. Jy kan jouself help. Jy kan ander help.
Mag die Gees van Liefde en Lig ons almal vul en omhul en Vrede en Vreugde in ons stukkende wêreld herstel.

B. OOR DIE DEPARTEMENT VAN JUSTISIE EN KONSTITUSIONELE ONTWIKKELING (DJKO)

Die DJKO deel 'n diepe besorgdheid oor die druk waaraan gesinslewe onderhewig is weens die ingewikkeldheid van die moderne gemeenskap. Ons is veral besorg oor die invloed van hierdie druk op kwesbare lede van die gemeenskap soos vroue, kinders, gestremdes en bejaardes. Die dienste van die Gesinshowe poog om die integriteit van die gesin te beskerm. Die Department probeer die omstandighede van behoeftige kinders verbeter deur die oorbetaling van kinderonderhoud en die Guardian's Fund. Bevegting van seksuele oortredings en huishoudelike geweld tel onder die korrektiewe aksies wat die Departement onderneem om geweld teen vroue hok te slaan.

Een van die DJKO se Sleutel Strategiese Prestasie-areas is 'n fokus op Spesiale Dienste aan kwesbare groepe soos vroue, kinders, gestremdes en bejaardes. Die DJKO sal hierdie doelwit bereik deur middel van:

- die opleiding en mentorskap van alle departementele personeel ten opsigte van die regte en gelyke behandeling van kwesbare groepe;
- prioritisering van die hantering van sake van kwesbare groepe;
- die bevordering van nouer samewerking met ons vennoter in terme van dienslewering aan kwesbare groepe ; en
- vennootskappe met gemeenskapsorganisasies soos Mosaic.

Om toegang tot die regstelsel te verhoog en om meer effektiewe dienste aan kwesbare groepe te lewer sal die Departement gespesialiseerde howe (Gesinshowe, Seksuele Oortredingshowe, Gelykheidheidshowe, ens.) vestig en uitbrei. Ons sal ook meer Onderhoudsbeamptes, Onderhoudsondersoekbeamptes, en Gesinsgeweldsklerke aanstel; ons sal ook gesinshowe binne die gewone howe hoofstroom en afhandelingstye van onderhouds- en gesinsgeweldsake verkort.

AFDELING 1: WAAROOR GAAN HIERDIE BOEKIE ?

Daar is wette wat help om mishandeling en geweld te beëindig. Die wetgewing doen dit deur middel van verskillende "Bevele" wat wetlike dokumente is wat mense "beveel" hoe om op te tree.

In hierdie Boekie praat ons van die "Beskermingsbevel", maar noem ook die Vredesbevel. Die Beskermingsbevel is die enigste bevel wat 'n instrument van die Wet op Gesinsgeweld, Wet 116 van 1998 is. 'n Beskermingsbevel is voorheen 'n Interdik genoem.

Persone wat hierdie Boekie gebruik, benodig òf gedeeltes van, òf al die inligting om mishandeling te help beëindig. Almal sal dit egter nie op dieselfde manier gebruik nie.

- Indien jy mishandel word, mag jy dalk net gedeeltes van die inligting benodig.
- Indien jou taak is om diegene te help wat mishandel word, mag jy moontlik op 'n stadium al die inligting benodig.
- Indien jy met die regsstelsel werk, as 'n hofklerk, polisiebeampte, balju of landdros, mag jy dit gebruik om die "sisteem" te verstaan vanuit die oogpunt van die mishandelde persoon.

Omdat jy opsoek is na inligting, het ons die vraag en antwoord formaat gebruik. Ons het die antwoorde gegee op die vrae wat gereeld gevra word en wat ons hoop jou sal help om aksie te neem.

1 *Hoekom is die Boekie geskryf ?*

Ons het die Boekie geskryf sodat ons jou kan vertel van die Beskermingsbevel, wat dit is, hoe jy aansoek doen vir een, wanneer om dit te gebruik en die verskille tussen die Beskermingsbevel en die Vredesbevel.

Ons wil jou help om:

- die Bevele te verstaan, wat dit is en hoe dit werk;
- helder te dink en te onthou wat jy moet doen; en
- moed te kry en te hou om die Bevele te gebruik om geweld te beëindig.

2 Is daar iets spesiaals omtrent die taalgebruik in hierdie Boekie?

- Ons praat van wetlike dokumente en regsprosesse wat moeilik is om te verstaan. Om dit so maklik as moontlik te maak, het ons probeer om die taalgebruik eenvoudig te hou.
- Ons verwys na die persoon wat geweld pleeg as die man en die persoon wat mishandel word as die vrou. Dit beteken nie dat ons dink dat mans nooit mishandel word nie; dit beteken nie dat vroue nooit ander mishandel nie. Dit is net makliker as om gedurig na 'hy of sy' te verwys. Die ongelukkige werklikheid is dat die meeste mishandelde mense vroue is en dit meesal mans is wat mishandeling toepas.
- Ons weet dat daar vroulike landdroste en polisiebeamptes is asook manlike klerke. Ons verwys egter na landdrosste en die polisiebeamptes as mans en Gesinsgeweldklerke as vroue, want dit is ook in die meeste gevalle waar. Ons het ook die titel Klerk van die Gesinsgeweldhof in die Boekie verkort; ons gebruik 'klerk' want dit is gouer om te lees.
- Wanneer ons 'jy' gebruik, skryf ons asof ons praat met die persoon wat mishandel is.
- Wanneer ons praat oor die Wet, verwys ons na die Wet op Gesinsgeweld, Wet 116 van 1998.
- Ons het ook 'n lys van die woorde en hulle betekenisse aan die einde ingesluit.

3 Hoe moet ek die Boekie gebruik?

Soos wat jy die Boekie lees kan jy die gedeeltes wat vir jou belangrik is om te onthou, onderstreep. Jy kan ook vrae neerskryf indien jy vir meer inligting moet vra. Indien jy om 'n Beskermingsbevel moet aansoek doen, kan jy dit as†'n gids gebruik. Neem dit saam met jou hof toe sodat jy kan naslaan wat besig is om te gebeur en wat volgende moet gebeur.

Die volgende sketse is 'n opsomming van die proses wat gevolg word om 'n Beskermingsbevel te verkry op, asook van dit wat in die landdroskantoor gebeur:



AFDELING 2: WETLIKE BEVELE

Hierdie afdeling vertel jou van die twee tipes wetlike Bevele wat beskerm teen mishandeling en geweld en verduidelik wie betrokke is om dit in werking te stel.

4 Watter tipe Bevele word in hierdie Boekie bespreek?

Daar is twee tipes wetlike Bevele wat bespreek word in hierdie Boekie en wat beskerming bied teen mishandeling en geweld. Dit is :

- Beskermingsbevele
- Vredesbevele

5 Wie is die persone wat betrokke is in die Beskermingsbevel prosedure ?

Wanneer jy aansoek doen om 'n Beskermingsbevel sal jy die '**aansoeker**' genoem word. Dit is omdat jy aansoek doen vir 'n Beskermingsbevel. Jy kan ook die '**klaagster**' genoem word omdat jy kla oor die mishandeling. Normaalweg word daar egter net na jou verwys as die klaagster indien kriminele stappe sou volg.

Die persoon wat jy sê jou mishandel, word die '**respondent**' genoem omdat hy die reg het om te antwoord op die klag. In hierdie Boekie verwys ons na hom as 'jou aanvaller' maar in die hof mag hy die 'respondent' genoem word. Hy kan ook die '**beskuldigde**' genoem word in 'n kriminele aksie omdat hy aangekla word van 'n kriminele daad.

Die **Gesinsgeweldklerk** maak seker dat al die korrekte vorms ingevul is, dat die regte mense dit ontvang wat hulle nodig het en wanneer hulle dit nodig het.

Die **landdros** sal besluit of jy 'n Beskermingsbevel kan kry of nie. Hy is die persoon wat jou aansoek om 'n Beskermingsbevel en Affidavit sal lees. Hy sal die vrae vra in die hof, na jou storie luister en dan jou aanvaller se kant van die saak aanhoor om te sien of hy die Beskermingsbevel moet finaliseer.

Indien jy oor die fondse beskik kan jy 'n **prokureur** kry om jou te verteenwoordig. Jou aanvaller kan ook vir 'n prokureur betaal. Indien jou prokureur jou verteenwoordig, mag net hy vrae namens jou vra en net hy mag die landdros se vrae beantwoord. Jy sal die geleentheid kry om te praat wanneer jy in die getuienisbank is. Indien jy egter nie deur 'n prokureur verteenwoordig word nie, sal jy toegelaat word om enige vrae te vra en self die landdros se vrae te beantwoord. Dieselfde geld vir jou aanvaller.

Indien 'n Interim Beskermingsbevel aan jou toegestaan word, sal die **balju of die polisie** die dokumente bedien op jou aanvaller (aan hom gee) sodat hy kan weet dat jy aansoek gedoen het en dat hy in die hof moet verskyn om vrae te beantwoord oor die mishandeling. Om geldig te wees, moet die Interim Beskermingsbevel behoorlik op die beskuldigde beteken word deur die balju of die polisie.

Indien jou aanvaller die voorwaardes van die Beskermingsbevel verbreek en jy 'n Lasbrief vir Inhegtenisneming het, moet die **polisie** hom arresteer. In terme van die Wet is dit egter die polisie se besluit of die situasie ernstig genoeg is vir hulle om die aanvaller te arresteer. Hulle kan nie gedwing word om hom te arresteer nie. Wanneer jy na die polisie toe gaan, vra *altyd* die naam van die polisiebeampte wat jou help omdat jy dit gaan nodig kry as jy weer met hom wil praat of as jy

hom wil rapporteer omdat hy jou nie die hulp gee wat jy nodig het nie. Jy mag ook vra dat die polisie hulle identiteitskaartjies aan jou wys.

6 Wat is mishandeling?

Jy word mishandel as jy, jou familie of jou eiendom herhaaldelik op enige wyse gedreig, seergemaak of beskadig word.

Die Wet sal jou beskerm indien jy die volgende tipes van mishandeling ondervind:

- Fisiese mishandeling
- Seksuele mishandeling
- Emosionele mishandeling
- Sielkundige mishandeling
- Verbale mishandeling
- Ekonomiese mishandeling
- Teistering wat jou bang maak
- Intimidasie wat jou bang maak
- Bekruiping
- Skade aan jou eiendom
- Betreding van eiendom sonder jou toestemming wanneer jy nie langer dieselfde woning as die persoon wat jou mishandel deel nie

AFDELING 3: BESKERMINGSBEVELE

7 Wat is die Beskermingsbevel?

Die Beskermingsbevel is die wetlike dokument van die Nuwe Wet op Gesinsgeweld van 1998. Die Beskermingsbevel **verstryk nooit nie.**

Die Beskermingsbevel was voorheen 'n Interdik genoem (die regsdokument van die ou Gesinsgeweldwetgewing). Indien jy 'n aantal jare gelede 'n Interdik verkry het, moet jy dit nagaan omdat sommige Interdikte slegs vir een jaar geldig was en dit mag verstryk het. Dit is dus beter om heraansoek te doen om 'n Beskermingsbevel, selfs al het jy 'n Interdik.

'n Beskermingsbevel is 'n Bevel wat deur die hof uitgereik word en wat die aanvaller inlig wat hy nie mag doen nie (byvoorbeeld, die Beskermingsbevel kan hom beveel dat hy jou nie mag slaan nie). Dit kan hom ook beveel wat hy moet doen (byvoorbeeld, dit kan hom beveel dat hy jou moet geld gee om vir mediese onkoste te betaal wat jy moes aangaan as gevolg daarvan dat hy jou geslaan het).

Dit is 'n goeie idee om 'n afskrif van jou Beskermingsbevel aan iemand wat jy vertrou te gee sodat sy dit veilig kan bewaar ingeval jy joune verloor of dit vernietig word. Jy kan ook 'n afskrif na jou naaste polisiestasie neem en vra dat hulle 'n lêer oopmaak en jou Beskermingsbevel vir jou bewaar. **Jy kan altyd nog 'n afskrif by die hof kry waar dit toegestaan is.**

8 Wie kan 'n Beskermingsbevel kry?

Nie almal wat mishandel word, kan 'n Beskermingsbevel kry nie.

Jy kan 'n Beskermingsbevel kry indien jy mishandel word en as:

- Jou aanvaller 'n bloedverwant van jou is. Dit beteken dat jou aanvaller jou ma, pa, ouma, oupa, kind, broer, suster, tante, oom, neef of niggie is.
- Jou aanvaller 'n bloedverwant is van jou lewensmaat of vorige lewensmaat as gevolg van 'n huwelik (skoonfamilie). Dit beteken enige bloedverwant van jou lewensmaat wat spruit uit 'n wettige huwelik, gebruiksverbintenis of godsdienstige huwelik. Dit sluit nie die bloedverwante van homoseksuele pare wat saamwoon of 'skoonfamilie' van pare wat saamwoon (na 2 jaar) in nie.
- Jy in 'n intieme verhouding met jou aanvaller het of gehad het of in 'n intieme verhouding met jou aanvaller gestaan het in die verlede en jou aanvaller is nie 'n bloedverwant is nie. Dit maak nie saak hoe lank die verhouding geduur het nie. Dit beteken slegs dat jy en jou aanvaller uitgaan of uitgegaan het, verloof is of was, geskei is of was, of apart woon, ongeag hoe lank of hoe kort die verhouding was.
- Jy saam met jou aanvaller woon.
- Jy sekere ouerlike verpligtinge het. Jy is dalk nie die wettige voog of ouer nie, maar deel verantwoordelikheid met jou aanvaller as 'n 'ouerfiguur' vir 'n kind.
- Daar 'n verhouding met jou aanvaller is gegrond op aanneming.
- Jou aanvaller onder die indruk is dat daar 'n verhouding is tussen julle is, selfs al glo jy dit nie. Dit maak nie saak of hy dink daar was 'n verhouding en jy dink nie so nie. Solank as wat jou aanvaller dink dat jy 'n verhouding met hom het, sal dit voldoende wees vir die hof om aan jou 'n Bevel toe te staan.
- Jy onder dieselfde dak as jou aanvaller woon, selfs al is jy nie verwant aan jou aanvaller deur middel van bloed of huwelik nie of al is daar geen intieme verhouding nie. Byvoorbeeld, hy kan jou suster se kêrel wees of jou woonstelmaat of 'n loseerder wat in dieselfde huis as jy woon.

Jy kan 'n Beskermingsbevel kry teen jou kind wat jou mishandel as hy/sy jonger is as 18 jaar is. Indien jou kind van 17 jaar oud (of jonger) jou mishandel, mag die landdros besluit, wanneer hy of sy in die hof verskyn, dat die saak eerder na die Kinderhof verwys moet word. Jy kan na 'n maatskaplike werker gaan wat 'n bevel kan uitreik om die kind tydelik uit jou sorg te verwyder en die hof mag saamstem, afhangend van die erns van die saak en hoe sy of haar mishandeling ander persone in die huis raak.

9 Kan ek 'n Beskermingsbevel namens iemand anders kry?

Jy kan 'n Beskermingsbevel namens iemand anders kry, indien jy sy of haar skriftelike toestemming het dat jy namens die persoon mag aansoek doen. **Dit moet skriftelike toestemming wees.** Die rede waarom jy namens die persoon aansoek doen, kan ook wees dat dit vir die persoon nie moontlik is om hof toe te kom nie, of dat die persoon te bang is om hof toe te kom. Die persoon kan 'n vriend wees, bure of iemand wat jy ken by die werk of in jou gemeenskap. Jy mag 'n professionele verhouding met die persoon hê, byvoorbeeld: jy is die persoon se onderwyser, maatskaplike werker, berader, lid van die polisie of 'n gesondheidswerker (dokter of verpleegster).

Indien die persoon nie kan skryf nie, mag hy of sy die dokument teken met 'n duimdruk of toestemming verleen in 'n mondelingse Affidavit ('n verklaring) voor 'n Kommissaris van Ede, wat die verklaring sal skryf en beëdig.

In jou Affidavit wat namens die persoon geskryf word, moet jy skryf hoekom die persoon nie self aansoek kan doen nie. Die hof sal moet saamstem dat dit 'n goeie rede is. Indien die persoon nie kan skryf nie, moet hy of sy hof toe gaan en mondelingse toestemming gee dat jy namens hom of haar mag aansoek doen.

Die hof sal egter **ongeskrewe** toestemming van iemand aanvaar, indien die persoon :

- Minderjarig is en nie kan skryf nie
- Verstandelik gestrem is
- Bewusteloos is
- Indien daar ander omstandighede is wat vir die hof aanvaarbaar is

NOTA:

Onthou dat jy nie jou kind se skriftelike of mondelingse toestemming nodig het om aansoek te doen om 'n Beskermingsbevel namens hom of haar nie. Jou kind mag jou natuurlike, aangenome of pleegkind wees.

Jou kind mag sonder jou hulp as ouer of voog om 'n Beskermingsbevel aansoek doen, selfs al is hy of sy minderjarig. Die saak sal egter na die Kinderhof verwys word.

10 Watter tipe probleme kan ek verwag in die proses om 'n Beskermingsbevel te kry?

Hierdie afdeling is nie daarop gemik om jou af te skrik of bang te maak om aansoek te doen om 'n Beskermingsbevel nie. Die probleme word hier genoem omdat dit belangrik is dat jy die inligting het en weet watter tipe probleme jy kan verwag met 'n aansoek om Beskermingsbevel. Dit beteken nie dat jy wel die probleme gaan ondervind nie. Die meeste mense ondervind wel 'n paar probleme omdat dit nie maklik is om 'n Beskermingsbevel te kry nie.

MAAR ONTHOU selfs al is dit moeilik om 'n Beskermingsbevel te kry, is dit steeds 'n belangrike manier om geweld te probeer beëindig. Dit is beter as om heeltemal niks te doen nie en die geweld toe te laat om aan te hou.

Indien jy gelukkig is, sal jy gehelp word deur klerke, landdroste en polisie wat sensistief is teenoor jou situasie en wat jou werklik wil help en bystaan deur middel van hul ondervinding. Ongelukkig is daar ander klerke, magistrate en polisie wat nie so sensitief is nie en wat dit vir jou moeilik kan maak om 'n Beskermingsbevel te kry. Maar as jy jou regte ken en weet wat kan gebeur, sal dit makliker wees om hulle en die probleme wat hulle versoorsaak te hanteer. Dit is hoekom die volgende inligting vir jou hier ingesluit word:

- **Om hof toe te gaan is 'n moeilike emosionele ervaring**. Bykans almal is bang en onsteld. Selfs al weet jy wat gaan gebeur en wat jy moet doen, kan dit soos 'n baie groot ding voel wat jy moet doen. Dit is heeltemal natuurlik en te verstane dat jy so sal voel.
- **Die klerke, landdroste en polisie mag jou ontstel deur die manier waarop hulle met jou praat en jou behandel.** Hulle mag dalk nie respek betoon nie, mag ongeskik wees en

ook ongeduldig. Hulle mag dalk nie verstaan hoe jy voel nie. Jy mag dalk bang wees om aan hulle te sê hoe hulle jou laat voel.

- **Die landdros van 'n kriminele hof kan jou saak aanhoor op dieselfde wyse wat hy 'n kriminele saak sou verhoor**. Die Gesinsgeweldhof is nie 'n kriminele hof nie, maar soms word landdroste van die kriminele hof gebruik om gesinsgeweldsake aan te hoor. Jy mag dalk voel dat die landdros jou behandel asof jy 'n wandaad gepleeg het.
- **Hulle kan versuim om jou te vertel wat om te doen om 'n Beskermingsbevel te kry** . Die mense wat veronderstel is om jou te help mag moontlik dinge nie behoorlik aan jou verduidelik nie en jy mag dalk nie heeltemal verstaan wat gaan gebeur nie.
- **Jy mag dalk nie onthou wat jy vertel is nie**. Omdat jy so ontsteld en deurmekaar is, mag jy dalk nie onthou wat die klerk, landdros of polisie jou vertel het nie.
- **Dit mag dalk lank neem voordat enigiets gedoen word**. Soms moet jy 'n hele dag of 'n paar dae wag om te hoor of 'n Interim Beskermingsbevel aan jou toegestaan is. Jy moet dalk 'n paar weke wag vir die terugkeerdatum om in die hof te verskyn om te hoor of die Beskermingsbevel finaal gemaak sal word. Verhore word dikwels uitgestel en dus mag dit weke neem voordat jy weet of jou Beskermingsbevel toegestaan sal word. Die uitstel daarvan mag 'n probleem skep indien jy werk en telkens moet wegbly van die werk wanneer die datum uitgestel word.
- **Jy mag dalk nie genoeg geld hê om te betaal vir vervoer na die hof nie**. Dit kan duur wees, veral as die verhoor uitgestel word.
- **Jy mag dalk weer oor moet begin omdat jy nie betyds by die hof kon kom nie.** Al is daar 'n goeie rede hoekom jy laat is, kan jou naam van die hofrol verwyder word en die landdros nie jou saak aanhoor op die terugkeerdatum nie. Indien dit gebeur moet jy die klerk gaan sien en in samewerking met die hofklerk 'n nuwe datum vasstel .
- **Die landdros mag jou aanvaller glo**. Dit kan gebeur selfs as jy die waarheid vertel en jy weet dat jou aanvaller nie die waarheid in die hof vertel nie.
- **Die landdros mag besluit dat die mishandeling nie ernstig genoeg is nie omdat die Affidavit nie genoegsame inligting bevat nie en dus kan hy jou aansoek om 'n Beskermingsbevel afkeur**. Dit kan gebeur selfs al weet jy dat die mishandeling ernstig is. Maak dus seker dat jou Affidavit gewig dra en belangrike inligting bevat.
- **Indien jou aanvaller die Bevel verbreek en in die kriminele hof moet verskyn, kan hy 'n vonnis kry wat nie ondersteunend vir jou is nie.** Hy kan 'n baie ligte vonnis kry. Dit kan selfs 'n risiko inhou vir jou en jou kinders se veiligheid.
- **Die polisie kan jou verkeerde inligting gee**. Soms is dit omdat hulle nie die regte inligting het nie, of selfs al het hulle die regte inligting, gee hulle dit nie aan jou nie.
- **Die polisie kan weier om jou Beskermingsbevel te bedien of jou aanvaller te arresteer.** Hulle het die vryheid van keuse of hulle hom wil arresteer of nie, afhangend daarvan of hulle glo dat dit ernstig is of nie. Dit mag jou lewe in gevaar stel.
- **Jy kan hof toe gaan omdat jy 'n Beskermingsbevel wil hê en die hof kan weier om jou daardie dag te sien**. Daar is sekere howe wat net 'n sekere aantal aansoekers per dag sien (kwota sisteem) en sekuriteit mag jou wegwys indien jy te laat kom. Sommige howe hanteer net Beskermingsbevelaansoeke soggens of op sekere dae van die week. Sommige howe neem nie aansoeke na 15:00 (3 uur) in die middag nie, maar kan dit doen in dringende gevalle. In terme van die Wet is dit jou reg om 'n Beskermingsbevel te kry te enige tyd gedurende hofure en na hofure.

11 *Wat is al die stappe wat gevolg moet word om 'n Beskermingsbevel te kry ?*

Daar is baie dinge wat gedoen moet word indien jy 'n Beskermingsbevel wil kry. Ons som eers die stappe op en verduidelik dit dan in fyner besonderhede in die vraagafdeling. Alles mag baie ingewikkeld lyk, maar as jy die stappe versigtig deurlees, sal jy 'n goeie idee kry van hoe die prosedure werk.

Dit is belangrik om te weet dat howe almal effens verskillend te werk gaan. Dus word die prosedure wat deur die meeste howe gevolg word hieronder opgesom.

Die stappe in die Beskermingsbevel prosedure is as volg:

A. Aansoek om 'n Beskermingsbevel
B. Finalisering van 'n Beskermingsbevel
C. Gebruik van 'n Beskermingsbevel

A: Die stappe om AANSOEK te doen vir 'n Beskermingsbevel

1. Jy vul 'n aansoekvorm in vir 'n Beskermingsbevel en skryf 'n verklaring (Affidavit) oor die mishandeling by jou naaste landdrosskantoor.
2. Jy lê 'n beëdigde verklaring af by die klerk dat dit wat jy geskryf het, die waarheid is en onderteken die aansoekvorm.
3. Die klerk teken en stempel jou aansoekvorm, open 'n lêer vir jou en plaas jou dokumente op die lêer.
4. Die klerk gee jou lêer aan die landdros wat jou aansoekvorm deurlees en besluit of jy kwalifiseer vir (of jy dit kan kry) 'n Interim (tydelike) Beskermingsbevel of nie.
5. Die klerk stel jou in kennis of 'n Interim Beskermingsbevel aan jou toegestaan is of nie.
6. Indien dit toegestaan is, gee die klerk vir jou 'n terugkeerdatum waarop jy moet terugkom hof toe en sy sal jou 'n aansoeknommer gee.
7. Die landdros reik dan ook 'n Kennisgewing om in die Hof te Verskyn aan jou aanvaller uit wat hom sal inlig dat 'n aansoek om 'n Beskermingsbevel teen hom ingedien is en dat hy in die hof moet verskyn op die terugkeerdatum om sy kant van die saak te stel.
8. Die klerk plaas die oorspronklike Aansoek en Interim Beskermingsbevelvorms in jou lêer en gee vir jou drie afskrifte. Twee afskrifte is vir die balju òf die polisie en een is vir jou om te hou.
9. Indien jy of die hof kan betaal vir die balju om die Interim Beskermingsbevel te bedien op jou aanvaller, moet jy twee afskrifte van jou aansoek en die Interim Beskermingsbevelvorms na die balju se kantoor neem.
10. Indien nie jy of die hof kan betaal vir die bediening van die Interim Beskermingsbevel op jou aanvaller nie, moet jy die polisie kry om die Interim Beskermingsbevel te bedien. Jy neem dan die twee afskrifte van die vorms na die polisie toe. Die klerk sal jou ook 'n Relaasvorm gee om na die polisie toe te neem.
11. Die polisie of balju gaan dan na die adres toe wat jy op jou vorm geskryf het en bedien die afskrif van die Interim Beskermingsbevel op jou aanvaller.
12. Die polisie of die balju voltooi die Relaasvorm en besorg dit terug aan die hof nadat die Beskermingsbevel op die respondent bedien is. Hulle gee die Relaasvorm aan die klerk wat dit op jou lêer plaas.

NOTA

NOTA:

13. Wanneer die hof die Relaasvorm ontvang het, is jy daarop geregtig om 'n Tydelike (of Interim) Lasbrief vir Inhegtenisname te ontvang, maar dit beteken dat jy weer hof toe sal moet gaan om dit te gaan haal. Daarom reik sommige howe eers vir jou 'n Lasbrief vir Inhegtenisname uit wanneer jou Beskermingsbevel finaal goedgekeur is. Die Wet sê egter dat jy 'n Interim Lasbrief vir Inhegtenisname moet kry. Indien die klerk jou nie een gee nie, moet jy een eis of dit aan die hooflanddros rapporteer.

Die AANSOEKPROSES meer volledig verduidelik

12 Waarheen gaan ek om aansoek te doen vir 'n Beskermingsbevel?

Die Wet bepaal dat jy na die **Landdroskantoor naaste aan:**

- Waar jy woon of werk; of
- Waar jou aanvaller woon of werk; of
- Waar die mishandeling plaasgevind het, moet gaan.

As jy nie seker is na watter hof om te gaan nie, skakel die klerk by die hof naaste aan jou. Sy sal jou na die regte hof kan verwys. In sommige gemeenskappe moet mense wat oorkant die pad van mekaar af woon na verskillende howe gaan, dus is dit beter om te bel en te vra.

Moenie die hele dag in die gang sit net om uit te vind dat jy in die verkeerde hof is nie! Dit is beter om te bel voordat jy hof toe gaan of om die klerk te vra sodra jy by die hof aankom. Jy sal onsteld wees as jy al die tyd gemors het en na 'n ander hof moet gaan om hulp te kry.

13 Waarheen gaan ek wanneer ek by die hof kom?

Jy moet na die **Gesinsgeweld Afdeling** van die hof gaan. Indien jy nie seker is waar die Gesinsgeweld Afdeling is nie, vra sekuriteit om vir jou te wys.

Maak seker dat jy by die regte plek in die hof is. As jy nie seker is nie, vra by die klerk se kantoor of vra sekuriteit. Jy sal baie tyd mors as jy by die verkeerde plek/afdeling van die hof sit.

14 Op watter dae kan ek hof toe gaan?

In terme van die Wet is dit jou reg om hof toe te gaan van Maandag tot Vrydag om aansoek te doen vir 'n Beskermingsbevel. Jy kan enige dag van die week aansoek doen by die hof, maar vir na-ure aansoeke moet jy na die polisiestasie toe gaan en die polisie moet 'n landdros of klerk skakel om jou te help met hierdie saak.

In werklikheid is dit egter nie hoe al die howe werk nie. Sommige howe hanteer slegs Beskermingsbevelaansoeke op sekere dae, sommige sal jou elke dag sien, maar slegs in die oggend en sommige mag op 'n kwotasisteem werk waarvolgens hulle slegs 'n sekere aantal aansoeke elke dag hanteer.

Skakel die klerk en vra op watter dae en watter tye jy kan aansoek doen vir 'n Beskermingsbevel by haar hof.

Onthou dat in terme van die Wet dit jou reg is om aansoek te doen om 'n Beskermingsbevel **gedurende** hofure en **na** hofure. As jy 'n Beskermingsbevel nodig het, moet jy daarop aandring.

15 Wat doen ek as ek vermoed dat ek tans in werklike gevaar verkeer?

Indien dit gedurende die week gebeur, kontak onmiddellik die klerk en vertel haar dat jou lewe in gevaar is en dat jy **onmiddellik hulp** nodig het. Sy moet jou help om dadelik 'n Beskermingsbevel te kry. Jy moet egter ook polisiestasie toe gaan en 'n kriminele klag van aanranding lê. **Die polisie moet jou toelaat om 'n klag te lê. Moet hulle nie toelaat om jou te weier nie**. Dit is jou reg. Jy mag 'n klag lê en terselfdertyd 'n Beskermingsbevel kry.

As jy in gevaar verkeer na hofure, **MOET** die hof jou help om 'n na-ure aansoek vir 'n Beskermingsbevel in te vul. Die polisie moet jou help om dit te doen deur die betrokke hofpersoneel te kontak. Elke polisiestasie het die name van 'n landdros wat aan diens is vir borgaansoeke en hierdie landdros moet jou help.

Onthou egter dat die polisie nie noodwendig jou aanvaller sal arresteer wanneer jy 'n saak van aanranding aanhangig maak nie.

16 Hoeveel keer moet ek hof toe gaan?

Jy gaan ten minste twee keer hof toe. Die eerste keer wat jy gaan is wanneer jy aansoek doen om die Beskermingsbevel. Die tweede keer wat jy gaan is op die terugkeerdatum wanneer die landdros besluit of jy 'n Finale Beskermingsbevel kan kry.

Soms moet jy weer teruggaan as die verhoor uitgestel word. Die meeste van die tyd gaan jy net twee keer.

Soms kan jy nie op die eerste dag wat jy hof toe gaan aansoek doen nie omdat die hof op 'n kwota-sisteem werk of omdat die klerk jou dalk om die een of ander rede nie kan help nie.

Alhoewel dit **nie** behoort te gebeur nie, kan die klerk jou moontlik vra om eers oor 'n paar dae terug te keer na die hof om te hoor of jou aansoek om 'n Interim Beskermingsbevel goedgekeur is.

17 Hoe lank sal dit neem om aansoek te doen ?

Die meeste howe neem aansoeke op 'n " eerste daar, eerste gehelp" basis. Dit beteken dat jy vroeg moet gaan. Selfs al doen jy dit, kan die hof baie besig wees en mag jy dalk die hele dag wag. Neem iets saam om te drink en te eet. Dit is belangrik, veral as jy jou kind saamneem. Jy sal egter net toegelaat word om buite die hofgebou te eet.

- Die meeste howe open om 7:45vm, sluit vir etenstyd tussen 1:00nm en 2:00nm en sluit om 4:00nm. Amptelike hofure is egter vanaf 9:00vm tot 4:00nm.
- Probeer om op die laatste 9 vm by die hof te wees. Die meeste howe help mense in die volgorde wat hulle by die hof aangekom het, dus hoe vroeër jy daar is, hoe gouer sal jy gehelp word. As jy die laaste persoon is wat daar aankom, sal jy laaste gehelp word.
- Wanneer jy die klerk sien, kan dit enigiets van 15 minute tot 'n halfuur neem om die aansoekvorm in te vul en jou verklaring, wat 'n Affidavit genoem word, neer te skryf. Die tyd wat dit neem hang ook daarvan af of jy self die vorm en Affidavit invul en of jy gehelp moet word.

- ➤ Die klerk moet dan jou aansoek na die landdros neem om te besluit of jou aansoek toegestaan sal word. Dit kan lank neem, veral as daar nie genoeg landdroste beskikbaar is nie.

Onthou:

- ➤ Die klerke werk onder druk - wees dus geduldig as jy moet wag totdat hulle met jou kan praat.
- ➤ Baie mense benodig Beskermingsbevele en elkeen moet sy beurt afwag.
- ➤ As jy laat daar aankom, sal dit langer neem. Dit kan die grootste deel van die dag neem om aansoek te doen om 'n Beskermingsbevel.

18 Watter dokumente moet ek saamneem hof toe?

Jy **MOET** die volgende dokumente hê:

- ✓ **Jou Identiteitsdokument** (ID). As jy nie jou ID het nie, moet jy weet wanneer jy gebore is (jou geboortedatum);
- ✓ **Jou aanvaller se ID**. As jy nie sy ID het nie, moet jy weet wanneer hy gebore is (sy geboortedatum) of hoe oud hy is; en
- ✓ **Die adres waar jou aanvaller woon of werk**. **Jy kan nie 'n Beskermingsbevel kry as jy nie weet wat die adres van jou aanvaller is nie.**

19 Watter ander dokumente sal help?

Jy hoef nie die volgende dokumente te neem nie, maar dit sal help as jy dit het :

- ✓ **Foto's van jou fisiese aanranding.** As jy kan, moet jy foto's neem sodat jy kan wys hoe jy beseer is om die landdros 'n beter idee gee van die lyding wat jy ondergaan het.
- ✓ **'n Foto van jou aanvaller**. Dit kan 'n fotokopie van 'n foto wees. Dit sal die polisie of balju help om hom uit te ken wanneer hulle hom met die Beskermingsbevel beteken.
- ✓ **Dokumente wat bewys wie die items gekoop het** indien jou eiendom of goed beskadig is (soos meubels, klere of jou huis)
- ✓ **Foto's van die geweld**. Indien enige eiendom of goed beskadig is, sal foto's aan die landdros kan bewys wat gedoen is.
- ✓ **Briewe wat jou ondersteun en die feit dat jy mishandel is**. Jy kan briewe kry van dokters, maatskaplike werkers of mense wat jou met sielkundige behandeling gehelp het.
- ✓ **Verklarings** deur mense wat die insidente van geweld aanskou het.
- ✓ **'n J88 vorm ingevul deur 'n dokter**. 'n Dokter voltooi 'n J88 vorm as jy fisies aangerand is (byvoorbeeld as jy kneusplekke, gebreekte bene of steekwonde het). Die J88 vorm het sketse van mense daarop en die dokter merk die beserings op die sketse. Jy hoef nie 'n J88 vorm te hê nie, maar as jy een het, is dit kragtige getuienis in die hof.

Onthou, moenie die oorspronklikes van die briewe/foto's gee nie. Hou die oorspronklikes en maak afskrifte vir die hof.

20 Hoe kry ek 'n J88 vorm vir die dokter om te voltooi?

Om 'n J88 vorm te kry moet jy eers polisiestasie toe gaan. Vra die polisie vir 'n J88 vorm. Die polisie **MOET** jou 'n J88 vorm gee. As die polisie sê dat hulle nie enige J88 vorms by die polisiestasie het

nie, moet jy vra om met die Stasiebevelvoerder te praat. Jy kan hulle ook rapporteer aan die klerk waar jy jou Beskermingsbevel kry. As jy 'n Interim Beskermingsbevel kry, neem dit saam met jou na die polisiestasie.

Die J88 vorm is 'n wetlike dokument wat deel vorm van die regsprosesse. Daarom moet jy eers 'n kriminele klag van aanranding teen jou aanvaller lê **of** jy moet hulle vra om 'n tydelike dossier te open vir die J88 vorm. Die tydelike dossier is 'n lêer wat geopen word wanneer die klag nog nie gelê word nie, maar die saak verdere ondersoek nodig het voordat die klag gelê kan word. Moenie dat die polisie jou verhoed om 'n klag te lê nie. Nadat jy die klag gelê het, moet die polisie aan jou 'n saaknommer gee.

Die polisie moet jou saaknommer op die J88 vorm invul, dit stempel en teken en aan jou gee.

21 Wat doen ek met die J88 vorm vir die dokter?

- Jy moet die J88 vorm van die polisie af na 'n dokter by 'n Provinsiale Hospitaal of na 'n distriksgeneesheer neem. Die dokter sal jou beserings ondersoek en dit vir jou invul.
- Jy moet twee afskrifte van die J88 vorm maak nadat die dokter dit ingevul het.
- Neem die oorspronklike J88 vorm terug na die polisiestasie om dit op jou lêer te plaas.
- Neem een afskrif saam na die hof sodat die klerk dit saam met jou aansoekvorm op jou hoflêer kan plaas en hou die tweede afskrif vir jouself.

Dit mag lyk asof dit baie werk is om die J88 vorm te kry, maar dit is beslis die tyd en moeite werd. Die landdros kan duidelik sien hoe jy beseer is en hoe erg dit was. Dit is ook goed omdat dit van die dokter af kom en jou storie staaf.

22 Hoe doen ek aansoek om 'n Beskermingsbevel?

Eerstens moet die klerk jou inlig of jy kwalifiseer vir 'n Beskermingsbevel, of jy kan self seker maak deur hierdie Boekie te gebruik en te kyk onder die afdeling wat verduidelik wie aansoek mag doen vir 'n Beskermingsbevel.

Indien jy kwalifiseer, is die eerste vorm wat jy moet invul 'n **Aansoekvorm**. Die Aansoekvorm kry jy by die klerk. Die vorm is moeilik om te verstaan en jy kan vra dat iemand jou help. Die vorms is net in Afrikaans of Engels beskikbaar. As jy nie die tale praat of skryf nie, sal jy iemand nodig hê om vir jou te vertaal en te skryf. **Vra altyd die persoon wat namens jou skryf om dit vir jou terug te lees.** As jy iets gesê het en die persoon het dit nie in jou vorm en Affidavit geskryf nie, moet jy die persoon vra om die ontbrekende inligting by te voeg.

Wanneer jy 'n aansoek vir 'n Beskermingsbevel (dit sluit die Affidavit in) voltooi, moet jy seker maak dat jy altyd dieselfde pen gebruik om alles te skryf. As jy nie die vorm by die hof voltooi nie, moet jy dieselfde pen hof toe neem ingeval jy iets moet verander of byvoeg wanneer jy by die hof kom. Die landdros sal nie 'n Beskermingsbevel toestaan as jy verskillende penne gebruik het nie!

In sommige howe sal die klerk of 'n assistent jou help om die Aansoekvorm in te vul. In ander howe moet jy self die vorm invul. In die meeste howe in en rondom Kaapstad is daar Mosaic hofwerkers om jou te help. Vra die klerk of Mosaic se hofwerkers of vrywilligers van ander organisasies beskikbaar is om jou te help.

Op die aansoekvorm vul jy die volgende in :

- Inligting oor jouself (byvoorbeeld jou naam, jou adres);
- Inligting oor jou aanvaller (byvoorbeeld sy name, sy adres); Jy moet seker maak dat jy die adres van jou aanvaller duidelik en volledig op die aansoekvorm skryf, anders sal dit langer neem om te bedien of dit mag dalk glad nie bedien word nie.
- Wanneer jy die laaste keer mishandel is;
- Wie al die persone is wat deur die mishandeling geraak word (byvoorbeeld jou kinders woon by die huis en hulle word ook mishandel of word geraak deur wat die aanvaller aan jou doen);
- Hoe dringend jou aansoek is. **Jy moet aandui hoe jy en/of jou kinders sal ly (moeilike tye wat julle sal ondervind) as die saak nie aandag geniet nie en die Beskermingsbevel nie onmiddellik uitgereik word nie.**
- Wat jy wil hê die aanvaller moet ophou doen (byvoorbeeld jy wil hê hy moet ophou om jou te slaan) of wat jy wil hê hy moet begin doen (byvoorbeeld jy wil hê hy moet sy kinders se skoolfooie begin betaal);
- Jy kan ook vra dat die polisie of iemand anders vra om jou persoonlike eiendom gaan haal as jy te bang is om dit alleen te doen.

As jy enige foto's van die mishandeling het, mediese sertifikate, ondersteunende briewe of enige ander addisionele verklarings van ander mense, moet jy dit saam met jou aansoek vir 'n Beskermingsbevel aan die klerk gee. Dit word deel van jou aansoek sodat wanneer jy in die hof verskyn, die landdros meer begrip vir jou mishandeling kan hê.

Dit is baie belangrik dat jy **nie jou oorspronklike sertifikate, briewe of foto's aan die klerk gee nie,** maar dat jy die oorspronklikes hou en die afskrifte aan die klerk gee. Dit is ook baie belangrik dat wanneer jy in die hof verskyn saam met jou aanvaller op die terugkeerdatum, jy afskrifte van dieselfde inligting saam met jou hof toe neem. Dit beskerm jou indien enige van die inligting dalk van jou lêer af verdwyn het en die landdros kan dan die afskrifte wat jy saamgebring het, gebruik om dit te vervang.

23 Hoe vertel ek die hof van my mishandeling ?

Jy vertel die hof van jou mishandeling deur dit te skryf in 'n verklaring wat 'n **Affidavit** genoem word. Wat jy hierin skryf is **baie** belangrik.

In jou Affidavit moet jy sê wat gebeur het en wat jy dink gaan gebeur. Jy moet skryf wat met jou op die oomblik gebeur en wat ook in die verlede gebeur het en hoe jy dit in die verlede ondervind het en wat jy gedoen het om te probeer om die mishandeling te hanteer.

Jou Affidavit moet al die belangrike feite van die mishandeling bevat (dit moet sterk genoeg wees), sodat die landdros kan besluit om aan jou 'n Interim Beskermingsbevel toe te staan. Die enigste manier wat die landdros kan verstaan hoe ernstig die mishandeling is, is deur die inhoud van die Affidavit. Jy moet **al die maniere** waarop jy mishandel is neerskryf, asook hoe elkeen jou geaffekteer het. Jy moet skryf of die mishandeling net een keer of baie kere gebeur het.

As jy nie alles in jou Affidavit neerskryf nie, kan jy later probleme ondervind wanneer jy hof toe gaan. Jou aanvaller se prokureur kan jou aanvat voor die landdros as jy aan hom ander inligting gee in die hof wat nie in jou Affidavit ingesluit was nie.

NOTA:

Jy word egter toegelaat - dit is belangrik - om 'n aanvullende (ekstra) verklaring af te lê by die hof op jou terugkeerdatum en gedurende die hofverrigtinge. Dit kan geskrewe of mondelings wees. Dit is wanneer jy die landdros vra of jy iets kan byvoeg by jou Affidavit (hy sal jou meer bevele toestaan) omdat dinge kon verander het in die tussentyd sedert jy jou eerste Affidavit geskryf het.

Die Aansoekvorms het net 'n klein spasie vir jou om jou Affidavit neer te skryf. As die hof jou net toelaat om hierdie klein spasie te gebruik moet jy seker maak dat jy die inligting so korrek en sterk as moontlik beskryf. Ander howe kan jou 'n langer Affidavit toelaat. Selfs as jy nog 'n bladsy het, hou die inligting feitelik, maar sluit al die belangrikste inligting in.

In jou Affidavit moet jy noem of jy kinders het en hoe hulle geaffekteer word deur die mishandeling.

Dit sal jou geld kos om 'n Beskermingsbevel op jou aanvaller te laat bedien (sien vraag 29). **As jy nie kan betaal vir die dokumente om op jou aanvaller bedien te word nie, moet jy die hof vra of die Staat dit gratis vir jou kan bedien en jy moet dit insluit in jou Affidavit.** Jy moet sê hoekom jy dit gratis gedoen wil hê.

24 *Is daar 'n spesiale manier waarop ek my Affidavit moet skryf?*

Ons het aan jou 'n lang lys van verskillende tipes mishandeling gegee in die volgende afdeling. Lees dit versigtig deur en gebruik die inligting wat jy nodig het om jou Affidavit te voltooi.

- In jou Affidavit moet jy heel eerste noem wanneer jy die laaste keer mishandel is en jy moet beskryf wat met jou gebeur het. Vra die klerk of sy die inligting aan die begin of aan die einde van jou Affidavit benodig.
- Die volgende ding wat jy die landdros moet vertel, is wanneer die mishandeling die eerste keer gebeur het en hoe lank dit al gebeur. Jy moet ook sê of dit nou meer dikwels gebeur.
- Dan moet jy skryf watter tipes mishandeling jy ondervind het sedert die eerste keer . Weer eens moet jy die volgende afdeling lees wat jou die inligting sal gee wat jy kan gebruik om die mishandeling te beskryf wat jy sedert die eerste keer ondervind het.
- Dan moet jy sê hoe jy en/of jou kinders/of familie geraak is deur die mishandeling (wat dit aan jou en hierdie mense gedoen het). Jy moet ook neerskryf wie getuies was van hierdie mishandeling.
- Dan moet jy insluit of jou aanvaller voorheen skuldig bevind was aan ander kriminele oortredings en jy moet sê wat dit was (watter kriminele aktiwiteite hy in betrokke was).
- Dan moet jy sê of jou aanvaller dwelms gebruik of baie alkohol drink.
- Dit is belangrik dat jy neerskryf hoe dringend die aansoek is. Jy moet vra of die hof jou dringend 'n Interim Beskermingsbevel kan toestaan en dui aan wat jy dink met jou kan gebeur as dit nie onmiddellik toegestaan word nie.
- In die Affidavit sal jy 'n sin kry wat sê dat hy geen vorm van gesinsgeweld mag pleeg nie. Dit is belangrik dat jy in die blokkie langs hierdie sin 'n merkie maak, want dit beskerm jou as jy enige ander tipes van mishandeling in jou Affidavit weggelaat het.

NOTA:

Dit is baie belangrik om die volgende dinge in te sluit *as dit op jou van toepassing is:*

- Dat hy nie jou eiendom of die gedeelde eiendom of enige gedeelte van die eiendom as

julle steeds saamwoon, mag betree nie. Jy moet die adresse van die eiendomme gee.

- Dat jy wil hê dat jou aanvaller uit jou huis verwyder moet word. Jy moet verduidelik dat jy en jou kinders in gevaar verkeer met hom in die huis.
- Dat hy nie jou werkplek mag betree nie en jy moet die adres gee.
- Dat hy nie jou en /of jou kinders mag verhoed om die eiendom te betree as jy daar woon nie en dat hy nie jou en/of jou kinders mag uitgooi van die gedeelde eiendom of gedeelte daarvan nie.
- Dat die hof 'n vredesbeampte moet versoek om jou te vergesel om jou en/of jou kinders se besittings te gaan haal.
- Dat die polisie enige gevaarlike wapens wat hy besit moet verwyder. Jy moet die wapens beskryf, wat skroewedraaiers, pangas en byle kan insluit.
- Dat hy geen ander vorm van mishandeling mag pleeg wat jy nie wil hê dat hy moet pleeg nie, indien dit sou verskil van enige van die in die volgende afdeling van hierdie Boekie.

NOTA:

- As jy nie wil hê dat hy moet weet waar jy bly nie (die adres wat jy in jou Affidavit gegee het) MOET jy die blokkie aftik wat die hof sal vertel om hom nie jou adres te laat sien nie.
- Jy moet die naam van die polisiestasie neerskryf waar jy heel moontlik dit sal aanmeld indien hy die terme van die Beskermingsbevel verbreek.

Jy kan ook die volgende versoeke in jou Affdavit insluit, maar jy mag dalk net **tydelike** '**oplossings**' vir ongeveer 3 tot 6 maande ontvang. Die rede is dat hierdie sake deur ander Streekshowe of Hoërhowe hanteer word en hulle die versoeke van die Gesinsgeweldhof mag verwerp. Ek sluit die ander howe tussen hakies in sodat jy kan weet waar om aansoek te doen om **Permanente Bevele.** Jy mag in jou Affidavit versoek dat:

- Die aanvaller die huur of verband van die huis betaal (permanente bevele kan slegs in die onderhoudshof of egskeidingshof toegestaan word tydens 'n egskeiding)
- Dat hy vir 'n sekere tyd geldelike noodhulp aan jou moet verleen (permanente bevele kan slegs in die onderhoudshof toegestaan word)
- Dat hy kontak met enige van jou kinders verbied word of dat hy slegs kontak met hulle mag hê op tye waartoe jy instem. Of jy mag versoek dat die kinders vergesel word van toesig wanneer hy hulle sien (permanente bevele kan slegs in die kinderhof toegestaan word of egskeidingshof as jy 'n egskeiding kry).

25 *Watter tipes mishandeling kan ek beskryf in my Affidavit?*

Verskillende tipes mishandeling word hieronder beskryf. Soms mag jy net een of twee tipes mishandeling ondervind maar meestal is dit meer as twee tipes wat terselfdertyd ondervind word.

- **Fisiese mishandeling**

Dit is wannner jou liggaam herhaaldelik seergemaak was of beseer is: wanneer jy geslaan, gewurg, geboks, gesteek, geskop of op enige ander manier aangerand is. Wanneer jy skryf oor die mishandeling moet jy beskryf watter tipe mishandeling dit was en wat met jou gebeur het. Byvoorbeeld, as jy fisies mishandel is, mag jy sê dat hy jou geskop het en dat jy interne beserings opgedoen het. Jy moet dan die ander fisiese simptome wat jy ondervind het as gevolg van die mishandeling insluit. Byvoorbeeld, jy moet sê dat jy slaapversteurings of eetprobleme het, aan diaree ly, of aanhoudend opgooi.

Dit is belangrik om te sê of jou aanvaller 'n geweer, mes of ander gevaarlike wapen

besit wat hy kan gebruik en wat sal lei tot ernstige fisiese of dodelike beserings. Jy moet sê of jy dink dat hy dit sal gebruik en dat jy bang is dat hy dit sal gebruik. Jy moet neerskryf of jou aanvaller dit voorheen gebruik het of jou in die verlede daarmee gedreig het. **Jy moet vra dat die geweer of gevaarlike wapen weggeneem word.**

➤ Seksuele mishandeling

Dit is wanneer jy gedwing word om seksuele omgang te hê of teen jou sin seksuele dade te pleeg en die persoon doelbewus seks met jou het of aanhou het terwyl hy sy krag, oorreding of dreigemente gebruik dat hy jou sal seermaak (as jy dit nie toelaat nie) of ander mense sal kry om dit aan jou te doen. Dit kan penetrasie met sy penis, of enige ander voorwerp soos 'n bottel, vinger of stok insluit.

Daar is verskillende tipes seksuele mishandeling soos:

- **Verkragting** (ingesluit verkragting binne die huwelik)
- **Abnormale seksuele dade** (wanneer jy gedwing word om dinge, waarmee jy ongemaklik is en wat jou ontstel met 'n ander persoon te doen)
- **Bloedskande** (wanneer 'n bloedverwant soos 'n vader, broer, seun of oupa met jou seks het)
- **Weerhouding van seks** met jou op 'n gereelde basis, veral as die aanvaller 'n verhouding met iemand anders het.

➤ Verbale Mishandeling

Dit is wanneer woorde of taal herhaaldelik op wrede maniere gebruik word om jou seer te maak, bang te maak of af te breek. Dit sluit ook dreigemente in.

Dit is belangrik dat die woorde wat jou aanvaller gebruik het so na as moontlik te herhaal wanneer jy dit neerskryf. As hy jou gevloek het, skryf die werklike woorde wat hy gebruik het neer, veral as dit onbeskof was, want die landdros moet weet hoe ernstig die verbale mishandeling is. As hy jou beledig het, beskuldig het of op jou geskree het, skryf neer wat hy gesê het. Jy moet ook skryf indien jy jou selfvertroue verloor het omdat hy jou heeltyd kritiseer.

As hy jou dreig is dit belangrik om die tipe dreigemente neer te skryf. Dit kan dreigemente wees dat hy jou of iemand anders sal doodmaak , of homself, of dat hy ander mense soos familielede, troeteldiere of jou maat, by wie jy tans is, sal seermaak. Jy moet sê of hy gedreig het om 'n geweer of wapen te gebruik, of jou uit die huis te gooi of seer te maak wanneer hy by die huis kom. Jy moet skryf dat jy bang is en bekommerd is dat hy sy dreigemente sal uitvoer. As enige hiervan in die teenwoordigheid van ander mense gesê is, skryf neer wie daar was.

➤ Sielkundige mishandeling

Dit is wanneer die mishandeling bedoel is om jou verstand op 'n negatiewe en beskadigende manier te beïnvloed: dit word gebruik om jou deurmekaar, bekommerd en bang te maak en te laat voel asof jy besig is om mal te word.

Jy moet ook sê hoe hierdie sielkundige mishandeling jou geaffekteer het. Jy moet sê of jy 'n senuwee-instorting gehad het of dat jy nie kan konsentreer of behoorlik funksioneer by die huis of die werk nie, omdat jy altyd in 'n toestand van bekommernis en angs verkeer. Jy moet byvoorbeeld skryf of jy medikasie moes gebruik of gehospitaliseer is as gevolg van die mishandeling.

Dit is baie belangrik dat jy noem of jy aan selfmoord dink of vantevore al probeer het om jouself om die lewe te bring.

Jy moet neerskryf of hy jou bekruip (jou agtervolg, teister of uitdaag wanneer jy uitgaan). Jy moet skryf of jy bekommerd en bang is as dit gebeur en ook noem wanneer en waar dit gebeur.

- **Emosionele mishandeling**

Dit is wanneer die mishandeling daarop gemik is om jou gevoelens seer te maak of te manipuleer sodat jy aan angs, stress, spanning en vrees ly.

Emosionele mishandeling is baie naby aan sielkundige mishandeling en sommige mense beskryf die twee saam. Ons het dit geskei sodat jy dit beter kan verstaan.

Jy moet neerskryf wat jou aanvaller gedoen het om jou emosioneel te ontstel. Jy moet aandui of jy aan depressie ly of paniek / angsaanvalle kry en of jy medisyne moes neem om dit wat hy aan jou gedoen het of aan jou en / of jou kinders wil doen, beter te hanteer.

- **Ekonomiese mishandeling**

Dit is wanneer geld of besittings gebruik word om jou te mishandel. Jy moet sê as jy nie geld kry om die basiese dinge wat jy (en jou kinders) nodig het, te koop nie. Byvoorbeeld as jy en jou kinders honger ly of jou kinders nie skool toe kan gaan nie, omdat hy nie die skoolfooie betaal nie. Jy moet sê hoe jy (en jou kinders) as gevolg daarvan gely het.

Jy moet sê as hy jou geld steel of daarop aandring dat jy hom van jou geld gee. Jy moet aandui waarop hy jou geld spandeer. Jy moet ook sê of jou aanvaller geld aan ander mense (soos 'n minnares of sy familie) gee en jy as gevolg daarvan ly.

Jy moet aandui of hy enige skade aan die eiendom aangerig het. Jy moet ook sê as hy nie die verband of huur betaal nie en die eiendom verkoop of weggee.

Jy moet ook aandui of goed wat aan jou behoort of wat jy gekoop het, van jou af weggeneem is, verkoop is, beskadig of vernietig is, of as hy jou klere verbrand het.

- **Teistering**

Dit is wanneer hy jou verpes en 'n oorlas van homself maak. Dit hoef nie net seksuele teistering te wees nie, maar kan wees as hy dophou waarheen jy gaan, rondhang by die plek waar jy bly of werk, en moeilikheid maak; foonoproepe maak of briewe wat jy nie wil ontvang nie, aan jou stuur. Jy mag sê dat dit jou ontstel, kwaad of bang maak. **Jy moet sê of hy jou eiendom sonder jou toestemming betree as julle nie saambly nie**.

26 Wat doen ek as my kinders ook mishandel word?

As jou kinders mishandel word, kan jy dit in jou eie Affidavit skryf, of jy kan namens jou kinders aansoek doen om 'n aparte Beskermingsbevel. As jy spesifiek genoeg is oor wat die mishandeling aan jou kinders doen, kan jy dit insluit in jou eie Affidavit/ Beskermingsbevel. Kinders kan op dieselfde wyse as jy mishandel word en aan dieselfde tipe mishandeling ly. Wanneer jy oor hulle mishandeling skryf, kyk na die lys hierbo om seker te maak dat jy al die maniere waarop hulle mishandel word, noem. **Om te hoor of te sien hoe jy deur jou aanvaller mishandel word, kan ook emosionele/sielkundige mishandeling van jou kinders wees.**

Jy moet noem hoe die mishandeling jou kinders geraak het. Wanneer kinders mishandel word, kan hulle op verskillende maniere reageer/geraak word. Jou kinders kan onder andere:

- Senuagtig, bang of gestres wees;
- Aan slaapversteurings en eetversteurings ly, naarheid of 'n loopmaag ondervind;
- Hulself wil doodmaak;
- Nie skool toe wil gaan nie, omdat die skoolgeld nie betaal is nie;
- Dissiplinêre probleme ondervind by die skool;
- Nie konsentreer op hul skoolwerk nie en dus nie hul klasse slaag nie;
- In kriminele aktiwiteite betrokke raak;
- Straatkinders word;
- Dwelms of alkohol gebruik.

27 *Wat doen ek as my Aansoekvorm en Affidavit voltooi is?*

Jy moet 'n beëdigde verklaring by die klerk aflê om te bevestig dat dit wat jy geskryf het, die waarheid is en die Aansoekvorm teken. Sy behoort die eed aan jou te verduidelik soos dat dit bindend sal wees op jou gewete, wat beteken dat jy 'n skuldige gewete sal hê as jy sê dat dit die waarheid is en dit is nie. As jy enigiets gesê het wat nie waar is nie (as jy bewustelig gelieg het) kan daar 'n kriminele klag teen jou ingedien word.

Die klerk sal dan 'n lêer vir jou oopmaak. Sy sal jou 'n aansoeknommer gee wat op jou lêer asook op jou Aansoekvorm geplaas sal word. Die klerk sal jou vorms teken en stempel en op jou lêer plaas. Die klerk sal jou lêer na die landdros neem.

28 *Wat gebeur nadat die landdros my vorm gelees het?*

Die maatstaf wat die landdros gebruik om 'n Beskermingsbevel toe te staan is een van 'buitensporige ontbering' wat beteken 'gevaar en lyding'. Jy moet aan die landdros bewys dat, indien jy nie 'n Beskermingsbevel kry nie, jy sal ly en in gevaar sal wees. Dus onthou om genoeg inligting in jou Affidavit in te sluit, sodat die landdros die ernstige aard van jou aansoek kan verstaan.

NOTA:

Indien die landdros besluit dat jy vir 'n **Interim Beskermingsbevel** kwalifiseer, sal hy dit aan jou toestaan. In hierdie geval verwys 'interim' na die periode wat jy moet wag totdat jy weer in die hof moet verskyn op die terugkeerdatum. Indien die landdros besluit om nie aan jou 'n Interim Beskermingsbevel toe te staan nie, sal die klerk dalk nie weet hoekom hy die besluit geneem het nie. Onthou dat, selfs al kwalifiseer jy wettiglik vir 'n Beskermingsbevel, mag die landdros besluit om nie vir jou een te gee nie en hy hoef nie enige redes te gee vir sy besluit nie. In so 'n geval moet jy 'n klagte indien by die Hooflanddros. Soms word die landdros beveel om weer na jou saak te luister.

As die landdros nie seker is oor die mishandeling nie, mag hy met jou aanvaller wil praat voordat hy 'n finale besluit neem. Om dit te kan doen, laat hy 'n '**Kennisgewing om in die Hof te verskyn**' op jou aanvaller dien. Dit is 'n aanduiding vir jou aanvaller dat hy met die landdros moet gaan praat.

Onthou dat die landdros jou en jou aanvaller sien en die Aansoek om 'n Beskermingsbevel in sy eie kantoor hanteer. Dit is net wanneer jy hof toe gaan, op jou terugkeerdatum om te sien of die Beskermingsbevel finaal gemaak gaan word, dat jy in die hof sal verskyn. Voor hierdie datum, gebeur alles in die landdros se kantoor.

29 *Wat gebeur nadat die landdros 'n Interim Beskermingsbevel toegestaan het?*

Nadat hy sy besluit geneem het, sal die landdros die lêer aan die klerk teruggee. Sy sal jou roep en jou meedeel of die landdros sy besluit om aan jou 'n Interim Beskermingsbevel toe te staan, geneem het. As die landdros 'n Interim Beskermingsbevel aan jou toestaan (gee), sal die klerk jou die terugkeerdatum wanneer jy weer Hof toe moet kom, gee en sy moet ook jou Aansoeknommer aan jou gee.

Dan sal die klerk jou oorspronklike Aansoek- en Interim Beskermingsbevelvorms in jou lêer plaas en jou drie afskrifte gee. Twee afskrifte is vir die balju of polisie omdat hulle een afskrif van die Beskermingsbevel op jou aanvaller moet bedien (aan hom gee), en hulle moet die ander een teruggee aan die hof. Die derde afskrif is vir jou om te hou. **Sommige howe sal net twee afskrifte aan jou gee om na die polisie of die balju toe te neem. Jy moet vra of jy 'n derde afskrif kan kry om vir jouself te hou.**

Dit is ook 'n goeie idee om twee afskrifte van die Interim Beskermingsbevel vir jouself te hou. Dalk wil jy een afskrif vir jouself hou en die ander een vir iemand wat jy vertrou, gee. Jy mag dit nodig kry ingeval jy joune verloor of as die aanvaller jou afskrif in die hande kry en opskeur. Jy kan ook 'n tydelike dossier by die polisie open en 'n afskrif van die Beskermingsbevel daarop bêre, ingeval jy dit nodig kry.

Onthou dat jy ALTYD nog 'n afskrif van die Beskermingsbevel by die hof kan kry. As jy die datum waarop jy die Interim Beskermingsbevel gekry het, neerskryf en 'n nota van die saaknommer (aansoeknommer) hou, sal dit makliker wees vir die hof om jou oorspronklike vorm te vind en nog 'n afskrif vir jou te maak.

As jy of die hof in staat is om die balju te betaal om die Interim Beskermingsbevel te bedien, neem twee afskrifte van jou Aansoekvorm en Interim Beskermingsbevelvorm na die balju. As die hof geld het om vir jou te betaal, neem jy ook 'n nota om te sê dat die Staat ingestem het om die balju te betaal om die Beskermingsbevel op jou aanvaller te bedien. Jy hoef nie 'n Relaasvorm na die balju te neem nie, want hy hou afskrifte in sy kantoor. Die klerk sal aan jou verduidelik waar die balju se kantoor is.

As nie jy of die hof vir die aflewering van die Interim Beskermingsbevel kan betaal nie, moet die polisie die Beskermingsbevel bedien. Neem twee afskrifte van die Beskermingsbevelvorms na die polisie toe. Die klerk sal ook die Relaasvorm vir jou gee om polisie toe te neem.

30 *Hoe sal my aanvaller weet van die Interim Beskermingsbevel?*

Die balju of polisie sal 'n afskrif van die Interim Beskermingsbevel, wat jou Affidavit insluit, op jou aanvaller bedien. Hy sal ook in kennis gestel word van die datum waarop hy in die hof moet verskyn saam met jou en die landdros. Hy sal ook vertel word dat hy verteenwoordig mag word deur 'n prokureur. Onthou dat hy kan versoek dat die hofdatum vorentoe gebring word, solank as wat dit binne 24 uur nadat hy met die Interim Beskermingsbevel bedien is, gebeur.

31 *Moet ek betaal vir die dokumente om bedien te word (gegee word aan) op my aanvaller?*

Dit hang af van wie die dokumente bedien en of jy kan bekostig om te betaal.

As jy geen geld het nie, kan jy die klerk vra of die Staat sal betaal om die Beskermingsbevel te bedien en jy moet die versoek in jou Affidavit skryf. Dit is belangrik om in jou Affidavit te skryf dat jy geen geld het nie of werkloos is.

As die hof die balju namens jou sal betaal, sal die klerk die Beskermingsbevelvorm stempel en teken dat die Staat daarvoor sal betaal. Die balju kry dan sy geld direk vanaf die hof. As jy kan bekostig om die balju te betaal, vra hy gewoonlik tussen R 40 en R 100, afhangend van waar jou aanvaller woon of werk. Jy kan die klerk vra hoeveel dit jou sal kos, maar sy sal dalk nie weet nie. Wanneer jy die Interim Beskermingsbevelvorms vir die balju gee, moet jy die geld om hom te betaal by jou hê. Die balju se kantoor kan ver van die hof af wees en dit mag dalk vir jou nodig wees om van publieke vervoer gebruik te maak om daar te kom.

Jy hoef nie die polisie te betaal as hulle die Beskermingsbevel bedien nie.

32 Hoe lank behoort dit te neem om die dokumente op my aanvaller te bedien?

Dit hang af of die balju of die polisie die dokumente bedien. As die balju die dokumente bedien, behoort dit hom net een dag te neem. Dit kan die polisie soms tot twee weke neem.

33 Hoe sal ek weet of my aanvaller met sy dokumente bedien is ?

Sodra die dokumente bedien is, moet die balju of die polisie 'n Relaasvorm voltooi en dit by die hof indien as bewys dat die Interim Beskermingsbevel bedien is. Hulle gee die Relaasvorm aan die klerk wat dit op jou lêer plaas. Die balju hou afskrifte van die Relaasvorms in sy kantoor, maar nie die polisie nie. Dus, as die polisie die bevel bedien, moet die klerk jou 'n Relaasvorm gee om polisie toe te neem.

Dit is baie belangrik dat die balju of die polisie die Relaasvorm terugneem hof toe. As dit nie gebeur nie, sal die landdros nie jou saak verhoor nie, omdat hy sal dink dat jou aanvaller nie bedien is met die dokumente nie.

34 Hoe behoort die polisie my te help?

Behalwe die pligte wat reeds beskryf is in ander dele van die Boekie, beskryf die Wet baie pligte en rolle wat die polisie moet vervul in hulle betrokkenheid om klaagsters behulpsaam te wees en toe te sien dat die Beskermingsbevelprosedure behoorlik nagekom word. Hulle speel 'n baie belangrike rol in die hele proses.

Die Wet bepaal spesifiek dat die polisie die volgende vir jou moet doen indien jy polisiestasie toe gaan :

- ✓ Alles verduidelik in 'n taal wat jy verstaan of 'n tolk kry om dit vir jou te verduidelik
- ✓ Jou vra hoe dit fisies en emosioneel met jou gaan (dus, of jy beseer is of bang is dat jou aanvaller jou selfs meer sal seermaak omdat jy hom aangemeld het)
- ✓ Jou inlig oor jou regte, soos dat jy kan aansoek doen om 'n Beskermingsbevel EN terselfdertyd 'n klag van aanranding teen jou aanvaller mag lê
- ✓ Jou help om 'n plek van beskerming te kry en / of mediese hulp as dit nodig mag wees
- ✓ Jou vertel wat jy moet doen om seker te maak dat jy jou regte uitoefen in terme van die Wet
- ✓ Die Beskermingsbevel en die Kennisgewing om in die Hof te verskyn op jou aanvaller te bedien
- ✓ Jou aanvaller arresteer as ENIGE bewys gevind kan word dat geweld teen jou gepleeg is
- ✓ Jou aanvaller arresteer as hulle vermoed dat jy in onmiddellike gevaar verkeer
- ✓ Jou aanvaller arresteer as hy die Beskermingsbevel verbreek EN op die oomblik dronk of bedwelm is

- ✓ Jou aanvaller 'n Kennisgewing om in die Hof te verskyn gee op aanklagte dat hy die Beskermingsbevel verbreek het en daar nie genoeg bewyse is om hom te arresteer nie
- ✓ Jou vergesel om jou persoonlike besittings te gaan haal
- ✓ **Alle gevaarlike gewere en wapens van jou aanvaller verwyder indien** hy jou gedreig het, **of** jou vertel het dat hy dit sal gebruik om jou te beseer **of** jou of homself dood te maak of enige ander persoon in jou familie, of as hulle glo dat hy drank of dwelms gebruik, **of** as hulle glo dat hy nie in 'n goeie gemoedstoestand of geestelike toestand verkeer nie **of** selfs as jy vir hulle sê dat jy voel dat sy besit van 'n wapen/geweer nie in jou belang is nie.

In terme van die Wet moet die polisie redelike stappe neem om die eiendom te betree indien hulle vermoed dat gesinsgeweld plaasgevind het **of** as jou aanvaller binne die eiendom is en jou nie wil toelaat om in te kom nie **of** as die polisie glo dat jy binne-in die huis is en in gevaar verkeer.

As jy beseer is of baie geskok is, moet die polisie 'n tydelike lêer open totdat jy in staat is om 'n volledige verklaring af te lê oor wat met jou gebeur het.

NOTA:

Onthou dat as die polisie nie doen wat die Wet voorskryf hulle moet doen nie, moet jy hulle aanmeld by die Stasiebevelvoerder wat dan 'n rekord moet hou van klagtes wat teen die polisie ingedien word en dissiplinêre stappe instel teen die betrokke polisiebeamptes. Indien die Stasiebevelvoerder nie glo dat die polisie verkeerd opgetree het nie, moet hy aan die Onhafhanklike Klagte Direktoraat skryf en aandui hoekom hulle nie gedissiplineer behoort te word nie. **Dit is baie belangrik om jou klagte op rekord te plaas.**

35 Watter tipe probleme kan ek met die bediening van die Beskermingsbevel verwag ?

As die polisie die Interim Beskermingsbevel bedien, mag jy sommige probleme ondervind:

- ➤ Soms wil hulle nie die Interim Beskermingsbevel bedien nie en sal hulle jou baie verskonings aanbied oor hoekom dit nie gedoen kan word nie
- ➤ Soms sal hulle nie die dokumente bedien nie, selfs al dink jy hulle het
- ➤ **Soms teken hulle nie en bring nie die Relaasvorm terug hof toe nie**.

Moenie bang wees vir die polisie nie. As die polisie nie die Interim Beskermingsbevel bedien het nie, het jy die reg om te weet hoekom hulle dit nie gedoen het nie. Moenie dat hulle jou verskonings gee oor hoekom hulle nie die Interim Beskermingsbevel bedien het nie. As jy nie tevrede is met die antwoord van die polisie nie, moet jy die klerk of die Stasiebevelvoerder inlig.

Vra altyd die name van die polisiebeamptes wat jou help. Dan het jy die name indien hulle jou nie behoorlik help nie. Dit sal dit makliker maak as jy 'n klagte wil indien.

Nadat die balju die Interim Beskermingsbevel bedien het, sal hy die Relaasvorm terugbring hof toe, maar die polisie is nie altyd so betroubaar nie. Dit is veiliger om na te gaan of die polisie wel geteken het en die Relaasvorm teruggebring het hof toe. **Soms is dit beter om self die Relaasvorm by die polisie af te haal en hof toe te neem.**

Jy kan die klerk bel en vra om op jou lêer te kyk en seker te maak of die Relaasvorm by die hof is en dat die Interim Beskermingsbevel bedien is.

36 Hoe reageer mense wat geneig is tot geweld op 'n Interim Beskermingsbevel?

Wanneer jou aanvaller met 'n Interim Beskermingsbevel bedien word, mag dit sy gedrag laat verander :

- **Hy kan ophou om jou te mishandel**. Dit mag wees omdat hy besef dat as hy nie ophou om jou te mishandel nie, hy gearresteer kan word of in die moeilikheid kan beland met die gereg.
- **Hy mag die manier waarop hy jou mishandel verander**. Byvoorbeeld hy kan ophou om jou fisies te mishandel en begin om dit mondelings te doen. Onthou dat, om seker te maak dat jy beskerm word teen alle vorme van mishandeling, moet jy die blokkie aftik op die Aansoekvorm wat aandui dat hy geen vorm van gesinsgeweld mag pleeg nie.
- **Hy mag voortgaan om jou te mishandel of selfs meer gewelddadig optree.** As dit gebeur, verbreek jou aanvaller die voorwaardes van die Beskermingsbevel. Die hof sien dit in 'n ernstige lig en hy sal in die Kriminele Hof moet verskyn. Jou aanvaller kan gevangenisstraf van tot 5 jaar opgelê word, maar dit gebeur gewoonlik nie sommer nie.

Onthou dat, hoe hy ook al reageer, dit jou wettige reg is om die Interim Beskeringsbevel te gebruik om sy geweld stop te sit. Dit is daar vir jou beskerming. Die Interim Beskermingsbevel kan slegs gebruik word wanneer daar bewyse is dat die aanvaller met die dokumente bedien was. Onthou dat jy ook die reg het om 'n kriminele klag van aanranding te lê.

37 Wat doen ek as my aanvaller die Beskermingsbevel verbreek?

As jou aanvaller die Interim Beskermingsbevel verbreek, kan jy hom laat arresteer. Voordat die polisie egter jou aanvaller kan arresteer, benodig hulle 'n Lasbrief vir Inhegtenisneming. Jy moet jou Interim of Finale Beskermingsbevel en jou Interim of Finale Bevel vir Inhegtenisneming polisiestasie toe neem en vra dat jou aanvaller gearresteer word. Die polisie sal van jou verwag om 'n beëdigde verklaring af te lê soos voorgestel in die Wet. Onthou dat alles wat jy sê onder eed is en dus die waarheid moet wees. Indien jy met opset onder eed leunens vertel of 'n valse verklaring maak, kan daar 'n kriminele saak teen jou gemaak word in terme van die Wet en kan jy 'n gevangenisstaf van 2 jaar opgelê word indien jy skuldig bevind word.

Onthou egter dat die polisie oor die diskresie beskik (kan besluit neem) om hom te arresteer of nie, afhangend van of hulle glo dat jy in werklike gevaar verkeer of jy onmiddelike skade sal ly. Of hy gearresteer word op grond van Verbreking van die Bevel of nie, kan jy ook 'n kriminele klag lê van aanranding of die intensie (beplan) om jou skade aan te doen.

Alles wat geld vir die verbreking van die Interim Beskermingsbevel, geld ook ten opsigte van die verbreking van die Finale Beskermingsbevel.

Die polisie sal elke keer die Lasbrief vir Inhegtenisneming van jou af wegneem as hulle jou aanvaller arresteer. As jy weer mishandel word, moet jy teruggaan hof toe en dit aan die klerk rapporteer en dan 'n nuwe Lasbrief vir Inhegtenisneming kry.

Onthou dat in terme van die Wet is jy geregtig daarop om 'n Lasbrief vir Inhegtenisneming te ontvang, nadat die Interim Beskermingsbevel op jou aanvaller bedien is. As die klerk van die hof jou meedeel dat jy slegs 'n Lasbrief vir Inhegtenisneming kan ontvang wanneer jy in die hof verskyn om die Beskermingsbevel finaal te maak, kan jy die saak by die hooflanddros rapporteer.

38 Wat gebeur as my aanvaller nie saamstem met my Affidavit nie?

Wanneer jou aanvaller die Interim Beskermingsbevel ontvang, mag hy dalk nie saamstem met dit wat jy in jou Aansoekvorm / Affidavit geskryf het nie. Hy kan so sê wanneer julle in die hof verskyn op die terugkeerdatum.

In sommige gevalle doen die aanvaller self aansoek vir sy eie Beskermingsbevel in reaksie op die Bevele wat op hom bedien word. Dan sal jy bedien word met 'n Kennisgewing om in die Hof te verskyn. Jy moet egter die landdros inlig dat jy 'n Beskermingsbevel teen hom het en dat jy glo dat die Bevel wat hy het teen jou laat bedien het, in reaksie is op die feit dat jy aansoek gedoen het vir 'n Beskermingsbevel teen hom. Die landdros sal die omstandighede waaronder jou aanvaller aansoek gedoen het om 'n Beskermingsbevel baie ernstig oorweeg. As die landdros uitvind dat dit 'n teenbevel is ('n bevel in reaksie op joune), sal hy dit in ag neem.

NOTA:

Onthou dat as jou aanvaller iets in die hof sê, waarmee jy nie saamstem nie, moet jy vir jouself opstaan en dit vir die landdros sê. Om jou aansoek om 'n Beskermingsbevel te kan ondersteun, moet jy soveel moontlik bewyse bymekaar maak (verklarings van jou familielede, doktersertifikate, ens). Jy het die reg om 'n prokureur aan te stel om jou te verteenwoordig wanneer jy in die hof verskyn. Jy het ook die reg om die Regshulpraad te nader vir hulp. Jou prokureur of regsverteenwoordiger kan saam met jou wees wanneer jy in die hof verskyn. Jy sal ingelig word omtrent jou regte tot verteenwoordiging sodra die hof begin.

39 Hoe lank sal dit neem voordat ek teruggaan hof toe?

Jou terugkeerdatum sal altyd 10 dae of langer wees nadat die Interim Beskermingsbevel op jou aanvaller bedien is. Daar is geen tydsbeperking op hoe ver in die toekoms die datum vir die finale hofverhoor vasgestel behoort te word nie. As dit egter etlike weke na die datum is waarop jy aansoek gedoen het, kan jy altyd die klerk vra hoekom daar so 'n lang vertraging is voordat jy in die hof kan verskyn.

B: Die stappe in die FINALISERING van jou Beskermingsbevel

1. Die Interim Beskermingsbevel is geldig totdat jy **en** jou aanvaller moet teruggaan hof toe op die terugkeerdatum om vas te stel of jy 'n Finale Beskermingsbevel kan kry.
2. Tydens die verhoor sal die landdros vrae aan jou en jou aanvaller stel. As jou aanvaller 'n prokureur het, mag hy jou ook vrae vra. As jy 'n prokureur het, mag hy ook vrae vra.
3. Die landdros sal besluit of jy 'n Finale Beskermingsbevel kan kry op die basis van jou Affidavit en op die basis van dit wat in die hof gesê word deur jou of jou aanvaller.
4. Saam met die Finale Beskermingsbevel sal jy ook 'n Finale Lasbrief vir Inhegtenisneming kry.
5. Die klerk sal afskrifte van die dokumente op jou lêer plaas.
6. As jou Beskermingsbevel verlore raak of vernietig word, kan dit altyd vervang word deur terug te gaan hof toe en aansoek te doen om nog 'n afskrif.

FINALISERING van die Beskermingsbevel in meer besonderhede verduidelik

40 Hoe weet ek wanneer ek moet teruggaan hof toe?

Wannneer die Interim Beskermingsbevel aan jou toegestaan word, sal die klerk jou die dag en tyd

gee wanneer jy moet teruggaan hof toe en sy sal dit in jou Interim Beskermingsbevel aandui. Sy sal jou ook vertel na watter hof toe jy moet gaan. Vra die klerk by wie jy moet aanmeld wanneer jy by die hof aankom op die dag wat jy weer in die hof moet verskyn.

Maak seker dat jy vroeg by die hof is en dat jy weet in watter deel van die hof jy moet wees. Kry die vorige dag al geld vir vervoer en verlaat die huis so vroeg moontlik. Wanneer jy daar aankom, moet jy seker maak dat jou naam op die hofrol (lys) verskyn. In sommige howe roep hulle net jou naam wanneer jy moet verskyn - luister dus goed. As jy jou naam nie hoor nie, is dit soos om laat te wees: jy sal moontlik weer van vooraf moet begin.

As jy laat aankom is daar 'n groot moontlikheid dat jou naam van die lys (hofrol) af verwyder sal word (hofrol) en jy sal weer van vooraf vir 'n Beskermingsbevel moet aansoek doen. Dit kan ook beteken dat die Landdros jou Interim Beskermingsbevel ter syde stel of kanselleer. As jy nie opdaag nie, word jou lêer gewoonlik outomaties gesluit.

41 Moet ek enigiets doen om voor te berei vir die hofverhoor?

Jy kan nie in die hof verskyn vir 'n Finale Beskermingsbevel as die Relaasvorm nie terugbesorg is aan die hof nie. Bel die klerk van die hof 'n paar dae voor die hofdatum en vra of die Relaasvorm terugontvang is by die hof. Indien nie, gaan na die balju of die polisiekantoor en vind uit wat daarvan geword het.

Jy moet weer jou Affidavit deurlees voordat jy die hofsaal binnegaan. Dit sal jou help om te onthou wat jy geskryf het toe jy aansoek gedoen het om 'n Beskermingsbevel. Onthou om die landdros presies dieselfde dinge te vertel wat jy geskryf het in jou Affidavit. As jy nog inligting wil byvoeg, vra die landdros of jy dit mag doen. Dit word 'n **Aanvullende Verklaring** genoem.

42 Hoe lank sal ek in die hof moet vertoef vir die verhoor?

Jy sal dalk lank moet wag voordat jou saak verhoor word op die terugkeerdatum. Selfs al is jy 'n tyd gegee wat jy daar moet wees, sal jy dalk moet wag, omdat die landdros nie beskikbaar is nie of omdat daar baie ander sake is wat verhoor moet word.

Dit hang ook af van hoe moeilik jou saak is en dit mag langer neem as jy of jou aanvaller 'n prokureur het.

43 Hoekom kan die verhoor uitgestel word?

Die verhoor kan uitgestel word as :

- Jou aanvaller 'n prokureur wil kry
- Sy prokureur sê dat hy nie tyd gehad het om met sy kliënt te praat nie
- Die Relaasvorm nie teruggestuur is hof toe nie.

Daar kan meer as een uitstel wees, gewoonlik twee. As dit gebeur, kan weke of maande verbygaan voordat jy jou finale hofdatum kry. Elke keer wat daar uitstel is, moet jy teruggaan hof toe.

As jy voel dat daar te veel uitgestel word, kan jy die landdros vra dat die volgende uitstel die finale een sal wees. Jy mag jou beswaar teenoor die uitstel uitspreek en dit sal dan op rekord geplaas

word, sodat dit nie weer uitgestel kan word nie. As die landdros egter voel dat die uitstel daarvan 'n redelike besluit was, mag hy dalk nie die volgende uitstel as die finale een goedkeur nie. Hy beskik oor die diskresie om dit finaal te maak of nie. Ongeagdaarvan, is dit voordelig vir jou om jou beswaar uit te spreek en op rekord te laat plaas.

Hierdie is baie belangrike inligting: As daar uitstel verleen word, MOET JY DIE LANDDROS VRA OM DIE DATUM OP DIE INTERIM BESKERMINGSBEVEL AAN TE PAS SODAT jy steeds jou Interim Beskermingsbevel kan gebruik tot op die uitgestelde terugkeerdatum.

44 Hoe kan die uitstel van die verhoordatum my affekteer?

Jy mag voel dat dit baie onregverdig teenoor jou is, veral as die uitstel en vertraging veroorsaak word deur jou aanvaller. Elke keer wat jy hof toe moet gaan, kos dit jou geld en moet jy dalk tyd afneem by die werk.

As jy voel dat die vertragings jou meer in gevaar stel, gaan onmiddellik terug na die klerk toe en vertel die klerk hoekom jy bang is. Maak seker dat jy jou afskrif van die Interim Beskermingsbevel het en 'n Interim Lasbrief vir Inhegtenisneming.

Jy mag voel dat die hof jou aanvaller, en nie vir jou nie, ondersteun. Dit kan ook 'n manier wees van jou aanvaller of sy prokureur om die lewe vir jou nog moeiliker te maak. Moenie dat hulle jou laat moed opgee nie. Wees nog 'n rukkie langer geduldig.

45 Wat gebeur as net een van ons by die hof opdaag op die terugkeerdatum?

As jy vir enige rede nie op jou terugkeerdatum kan verskyn nie, bel asseblief die klerk van die hof en vra dat die verhoordatum om uitgestel word. Jy behoort dit oor die foon te kan doen.

Indien jou aanvaller is nie op die terugkeerdatum by die hof opdaag nie, is jy geregtig daarop om jou Beskermingsbevel te kry. Die landdros mag jou Beskermingsbevel finaliseer as hy daarvan oortuig is dat die Kennisgewing om in die Hof te verskyn behoorlik op jou aanvaller beteken is en daar bewys is uit jou Aansoekvorm dat daar wel gesinsgeweld plaasgevind het.

As jy nie by die hof opdaag nie, maar jou aanvaller is by die hof en hy stem nie saam met wat jy gesê het in jou dokumente nie, sal die landdros een van die volgende goed doen:

- Die finalisering van die bevel uitstel na 'n ander terugkeerdatum, of
- Sommige van die inligting verander om jou aanvaller te pas, of
- Die bevel ophef wat beteken dat jy van vooraf moet aansoek doen.

Selfs al daag nie een van julle by die hof op nie, sal sommige landdroste die Bevel outomaties finaliseer ('n Finale Beskermingsbevel aan jou toestaan) as hy vind dat gesinsgeweld wel plaasgevind het en tevrede is dat die Interim Beskermingsbevel en Kennisgewing om in die Hof te verskyn behoorlik op die respondent beteken is.

46 *Wat gebeur as ek en my aanvaller albei hof toe gaan?*

Die beste wat jy kan doen is om:

- Al die vrae eerlik te beantwoord
- Kalm en sterk te wees
- Stil en sterk vir jouself op te staan
- As jy nie saamstem met wat jou aanvaller sê nie, die waarheid te vertel.

As jy en jou aanvaller beide in die hof is, kan die landdros na albei kante van die storie luister en albei van julle vrae vra.

Wanneer die hof begin sal jy ingelig word omtrent jou regte tot verteenwoordiging. As jy een kan beskostig, kan 'n prokureur jou verteenwoordig of jy kan aansoek doen om regshulp. Jou aanvaller kan ook 'n prokureur hê. As jou aanvaller'n prokureur het, kan hy jou aanvaller na 'n goeie persoon laat lyk en jou in 'n slegte lig stel en jou na die skuldige persoon laat lyk. Dit is belangrik om die landdros te vertel as jy nie saamstem met wat jou aanvaller of sy prokureur sê nie. As jy stilbly, sal die landdros dink dat jy aanvaar wat jou aanvaller of sy prokureur sê die waarheid is.

Elke aansoeker word toegelaat om drie persone saam te bring hof toe. Hierdie mense mag nie in die hof praat nie, maar kan jou morele ondersteuning bied. Jy kan getuies hê, mense wat weet hoe jy mishandel is, maar hulle mag net sit, want hulle word nie toegelaat om met die landdros te praat nie.

As jy vergeet het om iets in jou Affidavit te skryf, moet jy aan die landdros verduidelik dat jy vergeet het om dit in te sluit in jou Affidavit. Dit word 'n 'aanvullende verklaring" genoem.

Wanneer die landdros na albei van julle geluister het, sal hy besluit of jy 'n Finale Beskermingsbevel kan kry of nie.

47 *Wat doen ek as die landdros nie die Beskermingsbevel finaliseer nie?*

As die landdros op jou terugkeerdatum besluit dat die mishandeling nie ernstig genoeg is om aan jou 'n Beskermingsbevel toe te staan nie, kan jy teruggaan polisie toe en 'n kriminele klag van aanranding lê indien jy dit nie alreeds gedoen het nie. Jy mag ook aansoek doen om 'n Vredesbevel. Jy kan probeer om weer aansoek te doen om 'n Beskermingsbevel, want jou Affidavit was miskien nie sterk genoeg nie.

48 *Wat anders kan die landdros besluit om op die terugkeerdatum te doen?*

Sodra die landdros na albei kante van die saak geluister het, kan hy die Finale Beskermingsbevel toestaan, maar mag besluit om sommige van die voorwaardes van die Bevel te verander. Byvoorbeeld as jy versoek het dat jou aanvaller nie kontak met sy kinders mag hê nie, mag die landdros besluit om dit te wysig sodat hy hulle net sekere dae mag sien.

Die landdros kan ook die Beskermingsbevel wysig omdat dit die eerste keer is wat hy albei kante van die saak hoor. Hy mag voel dat sommige van die dinge wat jy in jou Affidavit geskryf het, meer volledig verduidelik moet word voordat hy sy besluit neem. Wees dus bewus daarvan dat alles waarvoor jy gevra het in jou Affdavit nie noodwendig toegestaan sal word nie. Dit is wanneer hy die Bevel mag 'wysig'.

49 Kan ek van plan verander en my aansoek om 'n Beskermingsbevel terugtrek?

Jy mag van plan verander en besluit dat jy nie 'n Beskermingsbevel wil kry nie, **maar jy moet 'n skriftelike aansoek om 'n terugtrekking by die hof daarvoor indien.**

Die Hof kan jou aansoek om terugtrekking van die Bevel oorweeg en toestaan. Hy mag egter ook die aansoek om terugtrekking afkeur omdat die Hof glo dat jy en jou familie volgehoue beskerming teen verdere geweld nodig het. Die Hof mag ook versoek dat jy voor die landdros verskyn om te verduidelik waarom jy die bevel wil terugtrek.

Jy kan heraansoek doen om 'n Beskermingsbevel soveel kere as wat jy wil, maar die howe hou nie daarvan nie en kan die aansoekproses vir jou baie moeilik maak.

50 Hoe trek ek die Beskermingsbevel terug?

Om die Beskermingsbevel op te hef (kanselleer), moet jy 'n nuwe Affidavit skryf en aandui dat jy dit wil terugtrek. Hierdie nuwe Affidavit sal op jou lêer geplaas word. Die klerk sal op jou lêer skryf dat jy die Beskermingsbevel teruggetrek het (stopgesit het). Onthou egter dat die landdros die finale besluit oor die terugtrekking neem en nie die klerk nie.

Maak *baie seker* dat jy 'n Beskermingsbevel wil hê *voordat* jy vir een vra. Trek dit net terug as jy baie seker is dat jy dit nie in die toekoms gaan nodig kry nie. Voordat jy jou aansoek terugtrek, vra jouself af of jy werklik jou aanvaller kan vertrou en of jy baie seker kan wees dat die mishandeling nie weer sal plaasvind nie. Onthou hoeveel keer jou aanvaller belowe het om sy gedrag te verander nadat hy jou mishandel het en vra jouself of hy ooit sy beloftes nagekom het.

Wees baie versigtig om jouself nie weer bloot te stel aan aanvalle nie. Baie vroue het gevind dat sodra hulle die Beskermingsbevel terugtrek, die mishandeling weer van vooraf begin, en soms is dit selfs erger. Baie aanvallers sien die terugtrekking van die Beskermingsbevel as 'n teken van hulle oorwinning en dat hulle selfs sterker is en dat die persoon wat hulle mishandel swak is en maklik gemanipuleer kan word.

51 Hoekom sou ek die Interim Beskermingsbevel wou terugtrek?

Jy sou dit wou terugtrek omdat:

- **Jy dink dat die Beskermingsgsbevel jou aanvaller in die tronk kan laat beland** maar dit is nie waar nie. Hy sal **net** gearresteer word **as** hy nie ophou met die mishandeling nie.
- **Jou aanvaller is die broodwinner en jy wil nie hê hy moet sy werk verloor nie**. Onthou dat dit nie sommer sal gebeur nie. Solank as hy homself gedra sal hy nie gearresteer word nie.
- **Hy dreig / intimideer jou**; hy probeer jou dwing om die Beskermingsbevel terug te trek. Dit is moeilik om sterk en moedig te bly as dit gebeur. Soms voel dit makliker om toe te gee, omdat jy bang is en voel dat hy druk op jou plaas. Onthou, as jy toegee, mag hy dit sien as bewys dat hy jou enigiets kan laat doen en dat hy enigiets weer en weer aan jou kan doen.
- **Jy glo hom as hy sê dat hy jammer is, dit nie weer sal doen nie, hy jou liefhet en vra dat jy hom vergewe.** Wees seker dat hy dit werklik bedoel en hy nie net probeer goed wees, omdat jy nou mag het en beskerming geniet nie. Jou aanvaller kan jou probeer manipuleer

met sy vriendelikheid wanneer die dokumente op hom beteken word. Wanneer dit gebeur, kan jy dalk glo dat die vrede en geluk sal voortduur.

- **Jy is nie ernstig om 'n Beskermingsbevel te kry nie en wil hom net 'n les leer en afskrik**. Dit is 'n gevaarlike speletjie en jy behoort dit nie te speel nie. As die landdros kan bewys dat jy jok oor die mishandeling kan jy jouself blootstel aan 'n kriminele klag wat teen jou aanhangig gemaak kan word. Die landdros kan jou ook laat betaal vir die onkoste van jou aanvaller, soos byvoorbeeld vir sy prokureur.

52 Wat moet ek in ag neem as ek my aansoek om 'n Beskermingsbevel terugtrek?

Voordat jy die Beskermingsbevel terugtrek, onthou dat daar geen waarborg is dat die mishandeling sal ophou en nie weer sal begin nie:

✓Jy sal van vooraf vir jou Interim Beskermingsbevel moet aansoek doen, reg van die begin af;
✓Dit mag moeiliker wees om die volgende keer weer die deursettingsvermoë en krag te hê om weer deur alles te gaan;
✓Die mishandeling kan erger raak en nie beter nie.

Oorweeg dit **ernstig** voordat jy jou Aansoek om 'n Beskermingsbevel terugtrek. Onthou hoekom jy in die eerste plek daarvoor aansoek gedoen het.

Jy hoef dalk nooit die Beskermingsbevel te gebruik nie, maar dit is daar vir jou beskerming as jy dit nodig sou hê. Jy het die reg tot veiligheid, menswaardigheid en respek. Jy het die reg om sonder vrees te leef. As hy werklik bedoel dat hy jou nooit weer sal mishandel nie, dan is die Interim Beskermingsbevel nie 'n dreigement nie, want jy sal nie rede hê om dit te gebruik nie.

53 Wat gebeur as my aanvaller die Beskermingsbevel laat ophef (nie saamstem daarmee nie)?

Nadat die Beskermingsbevel gefinaliseer is (nie vóór dit nie), kan jou aanvaller aansoek doen om 'n **Opheffing** (kansellasie) van die Beskermingsbevel. Om dit te kan doen, moet hy na dieselfde hof gaan waarheen jy gegaan het en 'n Opheffingsvorm voltooi. Die vorm sal op jou lêer geplaas word.

Die opheffingsdokumente sal op jou beteken word net soos die Interim Beskermingsbevel op hom bedien was. Jy sal 'n datum en tyd gegee word om in die hof te verskyn om te sien of die landdros jou Finale Beskermingsbevel sal ophef (hy sal dit kanselleer en jy sal dit nie kan gebruik nie). As jou aanvaller om 'n opheffing aansoek doen, beteken dit nie dat dit toegestaan sal word nie. Die landdros sal kyk na die mishandeling wat jy ondergaan het. Meesal word die Opheffing nie toegestaan nie.

As jy nie 'n prokureur het nie, moet jy vir jouself opstaan en sorgvuldig in die hof aan die landdros verduidelik wat dit aan jou sal doen (en moontlik ook aan jou kinders) as hy die Beskermingsbevel ophef sodat jy nie 'n Beskermingsbevel vir jou beskerming het nie.

Nog iets wat jy kan doen as die Opheffing op jou beteken word, is om hof toe te gaan en 'n affidavit te skryf wat al die dinge beantwoord waarvan hy jou beskuldig het. Dit word 'n **Beantwoordende Affidavit** genoem. In hierdie Beantwoordende Affidavit sal jy sê hoekom sekere verklarings in sy Opheffing nie waar is nie. Jy kan ook enige addisionele inligting insluit in antwoord op die Opheffing wat hy op jou laat bedien het.

As daar ander mense is wat getuies was van die mishandeling teenoor jou en hulle kan bevestig (bewys) dat dit wat jy sê waar is, kan hulle ook 'n **Stawende Affidavit** invul. Hulle bevestig (stem saam) met jou verklaring. Om dit te kan doen moet hulle die Stawende Affidavit by die hof of die polisiestasie voltooi. Die Stawende Affidavit moet dan by jou Beantwoordende Affidavit aangeheg word en deur die polisie beëdig word en dan na hof toe geneem word.

C Stappe vir die GEBRUIK van die Beskermingsbevel

1. As jy mishandel word nadat jy jou Interim of Finale Beskermingsbevel ontvang het, moet jy die Lasbrief vir Inhegtenisneming **sowel as** jou afskrif van Beskermingsbevel polisiestasie toe neem, sodat hulle jou aanvaller kan arresteer.
2. Jy moet altyd teruggaan hof toe om 'n ander Lasbrief vir Inhegtenisneming te kry wanneer die polisie jou Lasbrief vir Inhegtenisneming wegneem as hulle jou aanvaller arresteer.
3. As jy nie 'n Interim Lasbrief vir Inhegtenisneming het nie, moet jy jou Interim Beskermingsbevel saam met jou polisiestasie toe neem en 'n klag van aanranding teen jou aanvaller lê.

Die GEBRUIK van die Beskermingsbevel meer volledig verduidelik

54 Wat gebeur as ek 'n Beskermingsbevel kry?

Sodra jy die Beskermingsbevel kry, is dit jou besluit oor wanneer om dit te gebruik. Jy beskik nou oor die mag om die mishandeling te laat ophou.

55 Hoe kry ek 'n Lasbrief vir Inhegtenisneming?

Die meeste howe reik net 'n Lasbrief vir Inhegtenisneming uit wanneer jy jou Finale Beskermingsbevel ontvang het. Maar let daarop dat die Wet spesifiek melding daarvan maak dat jy daarop geregtig is om 'n Interim Lasbrief vir Inhegtenisneming saam met jou Interim Beskermingsbevel te ontvang.

As jy dink dat jou aanvaller die Lasbrief vir Inhegtenisneming sal opskeur, gee dit vir iemand wat jy vertrou om dit te hou. Jy kan ook die polisie vra om vir jou 'n lêer oop te maak en dit by die polisiestasie te bêre. As dit nie by die polisiestasie gehou word nie, sal jy dit saam met jou Beskermingsbevel polisiestasie toe moet neem as jy hom wil laat arresteer. As jou Lasbrief vir Inhegtenisneming egter verlore raak of vernietig is, kan jy altyd 'n ander een by die hof kry.

56 Wat doen ek as ek weer mishandel word?

As jy weer mishandel word nadat jy jou Beskermingsbevel gekry het, moet jy polisie toe gaan met jou Lasbrief vir Inhegtenisneming en Beskermingsbevel. Jy moet die polisie vertel dat jy in gevaar verkeer. Jy sal 'n Affidavit by die polisie moet voltooi oor wat met jou gebeur het.

Moenie bang wees om die Lasbrief vir Inhegtenisneming te gebruik nie. Dit is jou wetlike beskerming. Moenie dat die polisie jou daarvan weerhou om jou aanvaller te laat arresteer as hy die Beskermingsbevel verbreek het nie. Die Lasbrief vir Inhegtenisneming is 'n wettige dokument en hulle moet dit respekteer.

Die polisie sal die Lasbrief vir Inhegtenisneming hou as hulle jou aanvaller gearresteer het. Sodra jy die Lasbrief vir Inhegtenisneming gebruik het, moet jy teruggaan hof toe en nog een kry ingeval jy weer mishandel word. Onthou egter dat, al is hy gearresteer, kan jou aanvaller vrygelaat word en terugkom en jou weer mishandel. As dit gebeur, gaan weer terug polisiestasie toe. Wees vasbeslote en hou moed om die mishandeling stop te sit.

57 Wat doen ek as die polisie my nie wil help nie?

Jy moet altyd vir die name van die polisiebeamptes vra met wie jy praat. As die polisie jou sleg behandel of jou nie help nie, het jy hulle name nodig om hulle te rapporteer.

Jy moet die polisiebeamptes by die Stasiebevelvoerder aanmeld as hulle jou nie toelaat om 'n klag van aanranding te lê nie of nie jou aanvaller arresteer nie. Onthou egter dat die polisie net jou aanvaller sal arresteer as hulle glo dat hy jou weer sal seermaak. Dit word genoem "dreigende gevaar". Dus, maak dit duidelik aan die polisie dat jy bang is dat hy jou weer sal beseer. As hulle nie jou aanvaller arresteer nie, moet hulle 'n Kennisgewing om in die Hof te verskyn aan hom uitreik (gee) om te reageer op jou eis dat hy die voorwaardes van die Beskermingsbevel verbreek het.

As die polisie nie jou aanvaller arresteer of 'n Kennisgewing om in die Hof te verskyn uitreik nie, MOET jy hulle aan die Stasiebevelvoerder rapporteeer **en** aan die klerk. As jy steeds probleme het, kan jy dit aan die **Onafhanklike Klagte Direktoraat (OKD)** rapporteer. Jy kan hulle telefoonnommer aan die einde van die Boekie op bladsy 40 kry. As jy nie na die OKD kantore kan gaan nie, moet jy hulle bel, aan hulle skryf of faks oor hoe die polisie weier om jou te beskerm. Stuur altyd 'n afskrif van jou klagte (brief of faks) aan die polisiestasie. Hou 'n afskrif van jou brief of versendingstrokie, as jy 'n faks stuur, om te bewys dat jy OKD gekontak het en 'n klagte aanhangig gemaak het.

Onthou dat jy die reg het om die polisie te rapporteer aan die Stasiebevelvoerder as die polisiebeampte jou nie toelaat om 'n klagte van aanranding te lê of as hulle nie jou aanvaller arresteer nie.

58 Wat doen ek as daar 'n verandering in die manier is waarop ek mishandel word?

Wanneer jou aanvaller die Beskermingsbevel ontvang, kan hy besef dat hy nie kan voortgaan om jou te mishandel op die maniere wat jy in jou Affidavit beskryf het nie, omdat dit die voorwaardes van die Beskermingsbevel verbreek. Dus kan hy begin om jou op ander maniere te mishandel. As dit gebeur, moet jy teruggaan hof toe en nog 'n Affidavit voltooi. Dit word genoem 'n "**Wysiging tot die Beskermingsbevel"** omdat jy dit verander (wysig). **Die Wysiging tot die Beskermingsbevel is voorheen 'n Amendement genoem**. Jy kan slegs jou Beskermingsbevel verander (wysig) nadat dit finaal gemaak is. Maar die landdros kan dit op die terugkeerdatum verander.

In die Wysiging tot die Beskermingsbevel moet jy verklaar watter nuwe en ander tipes mishandeling jy nou ondervind. Jy moet sê dat jy wil nie hê dat jou aanvaller jou op hierdie veranderde wyse moet mishandel nie. Die Wysiging tot die Beskermingsbevel kan die voorwaardes tot jou eerste Affidavit verander, afhangend waarvoor jy vra.

Die Wysiging moet ook op jou aanvaller bedien word (net soos die Interim Beskermingsbevel) en dus moet jy teruggaan na die balju of polisie toe om dit op jou aanvaller te laat bedien.

59 Hoe lank is die Beskermingsbevel geldig?

'n Beskermingsbevel verstryk nooit nie. As jy lank terug 'n Beskermingsbevel gekry het, kan jy dit steeds gebruik. As dit verlore raak of jou aanvaller dit opskeur, kan jy hof toe gaan waar jy dit aanvanklik gekry het en vra vir nog 'n afskrif. Jy sal die klerk moet sê wanneer jy dit gekry het en wat jou saaknommer was. As jy nie meer die presiese datum onthou nie, gee haar min of meer die tyd wat jy onthou naaste aan die gebeurtenis. Onthou egter dat die ou Interdik (voor 15 Desember 1999 uitgereik) kan verval. Dus as jy 'n Interdik bekom het, is dit beter om heraansoek te doen om 'n Beskermingsbevel (wat nooit verstryk nie).

60 Hoe moet ek my Beskermingsbevel gebruik?

Gebruik jou Beskermingsbevel om vrede in jou lewe te bring. Die Beskermingsbevel sal jou die mag gee om die mishandeling stop te sit waar jy vroeër geen mag of net 'n bietjie mag gehad het. Moenie jou aanvaller daarmee terg of die Beskermingsbevel as 'n afdreigmiddel of verskoning om hom te laat arresteer gebruik nie. Wetlik is dit soms genoegsame straf om sy mag om jou te mishandel van hom te ontneem.

Onthou, as jy speletjies speel met die Beskermingsbevel, hou hy net die siklus van geweld aan die gang en jy wil die geweld en mishandeling stopsit en vrede in jou huis bewerkstellig. Wanneer jy 'n Beskermingsbevel kry, respekteer dit. **Moet dit nie misbruik nie**. Gebruik dit **slegs** om jouself, jou kinders en jou eiendom te beskerm.

AFDELING 4: VREDESBEVELE

Jy kan hof toe gaan met die hoop dat jy 'n Beskermingsbevel gaan kry, maar wanneer jy by die hof aankom, kan die klerk jou meedeel dat jy nie vir een kwalifiseer nie. As jy nie kwalifiseer vir 'n Beskermingsbevel nie, kan die klerk voorstel dat jy aansoek doen om 'n Vredesbevel.

61 Wie kan 'n Vredesbevel kry?

Jy kan 'n Vredesbevel kry as jy mishandel is, maar:

- Jou aanvaller is nie 'n bloedverwant of deur die huwelik aan jou verbind nie; of
- Jy het nie 'n verhouding met hom gehad nie ; en/of
- Julle het nie saamgewoon onder dieselfde dak nie.
- Jou aanvaller kan een van die volgende wees:
- Jou stiefouer wat nie onder dieselfde dak as jy woon nie;
- 'n familielid maar nie jou familie nie (byvoorbeeld jou suster se swaer);
- bure;
- 'n vriend;
- 'n bloedverwant van jou vriend;
- 'n kennis;
- 'n vreemdeling; of
- enigiemand wat op jou eiendom woon, maar nie onder dieselfde dak as jy nie (byvoorbeeld in 'n hut, wendy-huis of buitekamer, op jou eiendom).

62 Hoe kry ek 'n Vredesbevel?

Jy kan slegs 'n Vredesbevel kry by die hof naaste aan waar jy en jou aanvaller *woon*, nie waar jy en jou aanvaller *werk* nie.

As jy 'n Vredesbevel wil hê, vra Sekuriteit waarheen jy moet gaan om een te kry. In sommige howe kry jy dit in die Gesinsgeweld Afdeling van die hof. In ander howe moet jy in 'n ander afdeling van die hof aansoek doen om 'n Vredesbevel. Indien jy dit by die polisiestasie bekom, moet jy daarna nog hof toe gaan.

Die proses om aansoek te doen om 'n Vredesbevel behels die skryf van 'n Affidavit wat aan jou aanvaller gestuur word via die hof. Dit is nie dieselfde proses as om aansoek te doen vir 'n Beskermingsbevel nie. Die landdros sal besluit of jy 'n Vredesbevel kan kry al dan nie.

63 Hoe kan ek probeer om 'n Vredesbevel vir my te laat werk?

'n Vredesbevel is nie so effektief as 'n Beskermingsbevel nie. Daar is baie probleme met die Vredesbevel, maar daar is 'n paar dinge wat jy kan doen om te probeer om dit vir jou te laat werk.

Elke keer as jou aanvaller nie die Vredesbevel gehoorsaam nie, moet jy dit by die hof aanmeld waar jy die Vredesbevel gekry het. Jy moet 'n nuwe Affidavit invul met die nuwe inligting bygevoeg.

Indien jy elke keer teruggaan wanneer jou aanvaller die Vredesbevel verbreek, sal die landdros dalk sien dat die situasie ernstig is en dat die mishandeling voortgaan. Hy mag besluit dat dit ernstig genoeg is en sal die aanvaller las (beveel) om hof toe te kom. In sommige howe kan dit gebeur wanneer jou aanvaller die Vredesbevel 2 of 3 keer verbreek.

Jy mag natuurlik 'n kriminele klag van aanranding of dreigende aanranding teen jou aanvaller by die polisiestasie aanhangig maak, sowel as om 'n Vredesbevel te kry. Dit gee jou meer wetlike mag om die mishandeling stop te sit as jy net vir 'n Vredesbevel kwalifiseer. Onthou egter dat nie alle klagtes krimineel van aard is nie, byvoorbeeld, teistering deur 'n buurman is nie 'n kriminele oortreding nie en die polisie sal jou nie toelaat om 'n klag te lê nie.

AFDELING 5: FINALE WOORD

Ten spyte van al die probleme wat gepaard gaan met Beskermingsbevele en Vredesbevele, moedig ons jou aan om die Wet ten beste te gebruik om jouself te beskerm.

As jy sterk staan, kan jy jouself help en jy kan ander mishandelde vroue wys dat dit gedoen kan word. Daar is meer en meer vroue wat meer mag in hul eie hande geneem het om te probeer om gesinsgeweld en mishandeling stop te sit.

Jy kan deel word van hierdie groeiende groep van 'bemagtigde oorlewendes' wat sê 'genoeg is genoeg' en 'geen geweld meer nie'!

Dit mag moeilik wees, maar daar is niks meer opwindend as om uit jou mishandelde situasie te ontsnap deur middel van harde werk, deursettingsvermoë en moed nie.

Onthou dat die Beskermingsbevel net effektief is as jy dit *gebruik*! Jy moet egter innerlik sterk wees en nie aggressie met aggressie beantwoord nie, of aggressie met magteloosheid beantwoord nie. Jy moet leer om op te staan vir jouself op 'n manier wat jou aanvaller sal laat verstaan wat jy probeer sê en dat jy konflik wil oplos en vrede in jou huis wil herstel. Dit is wat 'selfgeldend wees' beteken. In die volgende afdeling oor Mosaic sal jy sien dat mishandeling-/selfgeldingswerkswinkels gereeld gehou word vir vroue binne die gemeenskap. Ons moedig jou aan om hierdie gratis twee dag werkswinkels by te woon deur Mosaic te kontak en 'n plek vir jouself te bespreek.

Seën vir jou en sterkte! Ons vertrou dat hierdie Boekie van hulp was en dat dit jou gehelp het om mishandeling en ook die Beskermingsbevelprosedure beter te verstaan. As jy dit gebruik het, gee dit aan iemand wat jy glo dit ook nodig het!

AFDELING 6: OOR MOSAIC

Wie of wat is Mosaic?

Mosaic is 'n organisasie wat mishandelde persone en hul families help, veral vroue en die jeug wat vasgevang is in gesinsgeweld situasies. Mosaic het 'n visie van 'n samelewing wat vry is van geweld en mishandeling.

Mosaic is 'n NRO, 'n nie-regerings organisasie, en 'n Artikel 21 maatskappy. Dit beteken dat dit nie deel is van die regering nie en dit ook nie 'n besigheid is wat daarop uit is om geld te maak nie. Mosaic moet al sy fondse verkry uit donasies en skenkings, veral omdat al sy dienste aan mishandelde persone gratis gelewer word. Mosaic se dienste is verniet omdat feitlik al sy kliënte vroue en jeug is, wat nie kan betaal vir die dienste nie.

'n Mosaïek is 'n mooi prentjie of ontwerp wat gemaak is uit stukkies teëls, papier of glas soos 'n kerkvenster wat 'n pragtige mosaïek van stukkies gekleurde glas vorm. Die naam 'Mosaic' is gekies omdat Mosaic mense help om die stukkies van hulle gebreekte lewens weer bymekaar te sit, sodat hulle 'n mooi toekoms vir hulself kan ontwerp.

Mosaic voed die publiek op oor mishandeling, gee berading aan mishandelde persone en hanteer ondersteuningsgroepe, werkswinkels en opleidingskursusse oor mishandeling/ selfgelding/ konflikhantering, beradingsvaardighede en Beskermingsbevelprosedures. Mosaic bereik meer as 100 000 mense elke jaar deur hierdie dienste.

Mosaic werk in verskeie areas in meer as 30 gemeenskappe in en om Kaapstad, Paarl, Strand en Stellenbosch. In 2002 het Mosaic ingetrek in sy eerste gemeenskapsentrum/kantore wat deur donasies befonds is in Wynberg, Kaapstad. Verskeie uitreiksentrums is sedertdien in gemeenskappe waar Mosaic werk, gevestig.

Waar kan ek Mosaic in die hande kry ?

As jy meer wil leer oor Mosaic, of hulp nodig het, kontak ons :

- Telefoon: 021 761 7585 (tussen 8:30 vm en 4:00 nm, Maandag tot Vrydag)
- Faks: 021 761 7584 of 086 651 8662
- Adres: H/v Otteryweg & Mortlakeweg 66, Wynberg, 7800 Kaapstad
- Posadres: Posbus 18460 Wynberg, 7824 Kaapstad; of
- Epos: admin@mosaic.org.za

As jy nog eksemplare van hierdie boekie verlang, stuur asb 'n versoek saam met 'n selfgeadresseerde A5 gestempelde koevert en ons sal dit gratis aan jou stuur, of maak 'n draai by Mosaic se Wynberg-kantore of enige uitreiksentrum of hof soos op die volgende bladsy gelys.

In watter howe werk Mosaic ?

Atlantis	Maan-Vry	8.30-3.30	021 572 1003
Bellville	Maan-Vry	8.30-3.30	021 950 7700/7712
Bishop Lavis	Maan-Vry	8.30-3.30	021 934 1021
Blue Downs	Maan, Woens & Vry	8.30-3.30	021 909 9000
Kaapstad	Maan-Vry	8.30-3.30	021 461 1204
Khayelitsha	Maan-Vry	8.30-3.30	021 360 1455
Kuilsrivier	Maan & Don	8.30-3.30	021 903 1166
Mitchells Plain	Maan-Vry	8.30-3.30	021 370 4296
Muizenberg	Maan & Dins	8.30-3.30	021 788 9742/40
Paarl	Maan-Vry	8.30-3.30	021 872 3127
Philippi	Maan-Vry	8.30-3.30	021 372 0901
Simonstad	Woens & Don	8.30-3.30	021 786 1561
Stellenbosch	Maan-Vry	8.30-3.30	021 887 0114
Strand	Dins & Don	8.30-3.30	021 854 7217
Wellington	Maan-Vry	8.30-3.30	021 873 6768
Wynberg	Maan-Vry	8.30-3.30	021 799 1800/1902

Berading is ook beskikbaar by Mosaic se Wynberg-sentrum en verskeie uitreiksentrums.

Mosaic se Uitreiksentrums:

- Dunoon Kliniek, Dunoon
- Philippi Hof, Philippi
- Simele Sentrum, Khayelitsha Daghospitaal, Site B, Khayelitsha ()
- Mitchells Plain Hof
- Delft-Suid Biblioteek Perseel
- Masiphumle Huis vir Bejaardes, Mfuleni
- Sisonke Educare, Bloekombos
- Nyanga Werksentrum Perseel, Nyanga
- Khayelitsha Hof Perseel
- Harare, Khayelitsha (Oorkant Score Supermark in Harare)
- Esangweni Hoërskool, Harare, Khayelitsha

AFDELING 7: MY REKORD VAN INLIGTING

Jy kan al jou inligting op hierdie bladsy hou. Vul dit in soos dinge gebeur, sodat dit altyd op datum is. Hou 'n afskrif op 'n veilige plek.

My aansoeknommer is:

Die datum waarop ek aansoek gedoen het is:

Die terugkeerdatum van my verhoor is op: Dag **Datum** **Tyd**

Die hof waarheen ek gaan is:Die adres van die hof is:

Die klerk se naam is:

Die klerk se telefoonnommer is:

Ek kan aansoek doen op hierdie dae :

Die hof is oop op hierdie tye:

Die balju se adres is:

Die polisiestasie waarheen ek moet gaan is:

Die adres van die polisiestasie is:

Die naam(name) van die polisiebeampte(s) wat my gehelp het is:

Die Onhafhanklike Klagtedirektoraat (OKD) se kontaknommers is:

Bloemfontein	(051) 406 6800
Kaapstad	(021) 480 2000
Durban	(031) 310 1300
Kimberley	(053) 807 5100
King William's Town	(043) 604 3500
Mafikeng	(018) 397 2500
Marshall Town	(011) 220 1500
Nelspruit	(013) 754 1000
Polokwane	(015) 291 9800
Pretoria	(012) 392 0400

Die Relaasverslag moet terug wees op (hierdie dag):

Wanneer ek teruggaan hof toe moet ek gaan op:

Dokumente wat ek moet saamneem hof toe is (sien bl15)

My verhoor is uitgestel tot: **Dag** **Datum** **Tyd**

AFDELING 8: WOORDE EN HUL BETEKENISSE

Aangekla word (van 'n oortreding): Beteken dat die persoon beskuldig word daarvan dat hy iets verkeerd gedoen het waarvoor hy in die tronk kan beland.
Aansoeker: Die persoon wat aansoek doen om 'n Beskermingsbevel. Dit is dieselfde as die Klaer/Klaagster.
Aansoeknommer: Die nommer wat aan 'n aansoeker gegee word en wat op die persoon se lêer geplaas word en op alle dokumente wat verband hou met die saak.
Aanvaller: Hierdie Boekie verwys na die persoon wat beskuldig word van mishandeling as 'n aanvaller. Dit is net om die Boekie makliker leesbaar te maak.
Aanvullende Verklaring: Die Aanvullende Verklaring is 'n Affidavit wat mondelings of skriftelik kan wees. Dit is inligting wat jy byvoeg by jou oorspronklike Affidavit om die landdros te versoek om jou meer Bevele toe te staan, omdat dinge kon verander het vanaf die tyd dat jy die oorspronklike Affidavit geskryf het totdat jy en jou aanvaller in die hof moet verskyn op die terugkeerdatum.
Affidavit: 'n Skriftelike verklaring wat in die hof gebruik word. Dit word soms na verwys as 'n verklaring of 'n beëdigde verklaring.
Amendement: 'n ou woord vir 'n Wysiging tot 'n Beskermingsbevel.
Beantwoordende Beëdigde verklaring of Affidavit: Dit is 'n affidavit wat jy skryf in antwoord op alles waarvan jou aanvaller jou beskuldig het toe hy die Opheffing van die Beskermingsbevel op jou laat beteken het.
Bedien (dokumente): Om dokumente op iemand te bedien, beteken om op 'n amptelike manier die dokumente vir hulle te gee. Die Bevel kan aan enige volwassene by daardie adres gegee word.
Beskermingsbevel: 'n Instrument van die Nuwe Wet op Gesinsgeweld van 1998. Dit is 'n Bevel wat beskerm teen gesinsgeweld of mishandeling.
Beskuldigde: 'n Persoon wat in 'n kriminele saak daarvan beskuldig word dat hy 'n kriminele daad gepleeg het. Dit is dieselfde naam wat verwys na 'n respondent in 'n Beskermingsbevel.
Bevel(e): Wetlike dokumente wat 'n persoon vertel wat om te doen of nie te doen nie. Hierdie Boekie kyk na die Beskermings- en Vredesbevele.
Bloedverwant: 'n Persoon wat direk verwant is aan die aansoeker. Dit beteken 'n moeder, vader, suster, broer, kind, ouma en oupa.
Dossier: Dit is 'n lêer wat deur die polisie geopen word wanneer 'n kriminele klag gelê word. Dit kan inligting bevat van 'n kriminele oortreding insluitend jou verklaring en enige ander bewyse wat jy aan die polisie verskaf.
Interim: Dit beteken die tyd tussen wanneer 'n persoon 'n Interim Beskermingsbevel toegestaan word en wanneer hulle in die hof verskyn vir die Beskermingsbevel om finaal gemaak te word. Daar is Interim Beskermingsbevele en Interim Lasbriewe vir Gevangesetting.
J88 vorm:'n vorm wat deur 'n dokter ingevul word by 'n Provinsiale Hospitaal of deur 'n Distriksgeneesheer en waarop die fisiese beserings wat deur die mishandeling veroorsaak is, aangedui word.
Kennisgewing om in die Hof te verskyn: Dit is 'n instruksie deur die landdros vir die verweerder of respondent om hof toe te gaan. Dit word beveel wanneer die landdros die aanvaller wil ondervra voordat hy besluit of die aansoeker kwalifiseer vir 'n Beskermingsbevel. Dit is ook standaard praktyk vir 'n regverdige verhoor en nie net wanneer die landdros die verweerder wil laat verskyn nie.
Kind: In terme van die Wet op Gesinsgeweld is 'n minderjarige kind onder die ouderdom van 21. Dit kan die natuurlike, aangenome of pleegkind van die aansoeker wees.
Klaagster/Klaer: Dit is van toepassing op kriminele prosedures en verwys na die persoon wat kla oor die klagtes wat teen hom / haar gelê is. Dit is egter ook hoe die aansoeker na verwys word in die Aansoekvorm vir 'n Beskermingsbevel.
Klerk: In hierdie Boekie het ons 'klerk' gebruik om te verwys na die Klerk van die Hof vir Gesinsgeweld.
Lasbrief vir Inhegtenisname: 'n Instrument van die Nuwe Wet op Gesinsgeweld van 1998 wat gegee word saam met die Interim en Finale Beskermingsbevele. Die polisie vereis 'n Lasbrief vir Inhegtenisname om die aanvaller te kan arresteer.
Mishandeling: Dit is mishandeling as jy, jou kinders of jou eiendom herhaaldelik gedreig, beseer of beskadig word op enige wyse.
Opheffing van die Beskermingsbevel:'n vorm wat ingevul word deur die klaagster of die aanvaller afhangend van wie die finale bevel opgehef wil hê. Dit word om aansoek gedoen as enige van die partye nie saamstem met die voorwaardes van die Beskermingsbevel nie.
Relaas: 'n vorm wat deur die polisie of die balju ingevul word en wat weer by die hof ingedien moet word om te bewys dat 'n Interim Beskermingsbevel en Finale Beskermingsbevel wel op die respondent beteken is.
Respondent/Verweerder: Die persoon wat reageer op die beskuldiging dat hy of sy iemand mishandel het. Dit is nog 'n term wat vir beskuldigde gebruik word.
Stawende Beëdigde Verklaring/Affidavit: Dit word geskryf in antwoord op 'n Opheffingsbevel wat jou aanvaller op jou laat beteken. Dit word vasgeheg aan jou Beantwoordende Affidavit. Dit word geskryf deur mense wat getuies was tot jou mishandeling en wat kan bevestig/bewys dat, wat jy in jou Beantwoordende Affidavit sê, waar is.
Terugtrekking van die Beskermingsbevel: 'n vorm wat 'n Affidavit bevat wat ingevul word wanneer 'n persoon sy/haar aansoek om 'n Beskermingsbevel wil terugtrek.
Tydelike dossier: Dit is 'n polisie lêer wat geopen word en inligting bevat omtrent 'n kriminele oortreding. Dit is nie nodig om 'n klag te lê om die lêer te open nie. Dit word net oopgemaak totdat 'n klag gelê word en dan word dit 'n amptelike polisie dossier wat 'n polisie ondersoek van die kriminele saak vereis.
Verbreking (van Bevel): Dit is wanneer die persoon die voorwaardes (een, sommige of almal) van die Beskermingsbevel verbreek. Die verbreking van 'n Beskermingsbevel is 'n kriminele oortreding en 'n persoon kan tronk toe gestuur word as hy/sy skuldig bevind word.
(Eeds)verklaring: 'n Ander woord vir 'n Affidavit.
Vredesbevel: 'n Bevel wat beskerm teen mishandeling/ geweld waar die aansoeker nie kwalifiseer vir 'n Beskermingsbevel nie.
Wysiging tot die Beskermingsbevel: Dit is 'n vorm wat 'n Affidavit bevat wat geskryf is nadat die Beskermingsbevel toegestaan is en wanneer die aanvaller die aansoeker op nuwe en verskillende maniere wat nie in die oorspronklike Affidavit van die Beskermingsbevel beskryf is nie, begin mishandel. Die aansoeker kan ook aansoek doen om 'n wysiging as sy nie gelukkig is met die Bevele wat in die Finale Beskermingsbevel toegestaan is nie, byvoorbeeld wanneer die Bevel toegestaan word in haar afwesigheid. Dit kan ook verwys na die landdros se Wysiging tot die Beskermingsbevel wanneer hy die voorwaardes van die Bevel verander by die verhoor op die terugkeerdatum.

OTTERYWEG 66, WYNBERG 7800
POSBUS 18460, WYNBERG 7824
KAAPSTAD, SUID-AFRIKA
TEL: +27 -21 761 7585
FAKS: +27 -21 761 7584
E-POS: admin@mosaic.org.za

MOSAIC
TRAINING, SERVICE &
HEALING CENTRE FOR
WOMEN

Herdruk deur:

Departement van Maatskaplike Ontwikkeling
Wes-Kaap
Privaatsak 9112, Kaapstad 8000
Tel: 021 483 5045